DESPERAATHEDE

Laat ons nou bly staan terwyl ons ons hoofde buig.

Here Jesus, ons glo maar net. U het ons gesê om net te glo, en ons glo nou. En ons loof en prys U vir wat ons alreeds gehoor en gesien het, wat ons geloof anker. Hoe ons U dank vir nog 'n geleentheid om te kom om hulle wat behoeftig is te bedien. Nou bid ek tot U, God, om in ons behoeftes te voorsien volgens U beloftes. In Jesus' Naam vra ons dit. Amen.

2 Ons is vanaand baie bly vir hierdie voorreg om weer terug te kom na die tabernakel, om—om . . . met die Evangelie van die herrese Here Jesus. En ek was net 'n bietjie laat. Ek het so pas 'n spesiale noodgeval van Michigan gehad. En die Here het net daar 'n wonderlike ding vir haar gedoen. Goeiste, hoe Hy alles weet en dit net lê . . . Hoef Hom nie te sê nie; Hy weet, Hy weet net wat dit is. En so is ons baie dankbaar. Die mense het heeldag gery om hier te kom. En, dan, is ons so dankbaar daarvoor. Nou, moenie vergeet die . . .

Hierdie bandopnemer is aan? [Broer Neville sê: "Dis die ligskakelaar daar."—Red.] O, ligskakelaar. Ek sien.

Moenie die—die dienste vergeet hierdie volgende week, Woensdagaand, en volgende Sondagoggend, en Sondagaand nie. As julle hier is, in die buurt, weet ek sal hulle baie bly wees om julle hier te hê.

En nou, bid vir my, soos ek op my pad na elders is, en ek hoop om gou weer terug te wees.

3 Ek wil julle bedank vir al julle goedheid en herinneringe van wat julle vir my gedoen het. En 'n broer het so pas vir my 'n nuwe pak klere gestuur van 'n klein kerkie in Georgia af. En—en daardie mense . . . Dis net wonderlik. En ek wil daardie mense bedank van onder in Kentucky, by wie ek verlede week was op die vakansie. En alles wat die Here daar vir ons gedoen het, groot, magtige hand wat ons Hom gesien het, wat Hy gedoen het.

4 Nou vertrou ons om julle spoedig weer te sien, net sodra ek terugkom na hierdie kant, oppad New York toe vir 'n byeenkoms. Dis by die Stone Church by Broer Vick, vanaf, ek dink dis die twaalfde November. En ons sal hier wees, 'n paar dae voor die tyd.

Dan kom ons weer verby, oppad af na—na Shreveport, Louisiana, saam met Broer Jack Moore. Dis in Danksegging, Dankseggingsweek, om daar by Shreveport te wees. Dis op die kennisgewingbord, dink ek, daaragter in die kennisgewings.

5 En dan hoop ons om by sommige van die Suidelike vriende te wees na Kersfees. En ons sal in Phoenix wees in Januarie. En

dan wag vir die oorsese oproep, sodat ons die byeenkomste kan gereed kry vir oorsee. Hulle werk nou aan hulle, hierdie afgelope maand, Broer Borders, wat heen-en-weer korrespondeer, vir 'n volledige wêreldtoer om te begin sodra ons dit kan gereed kry, maar ons moet wag vir toestande.

6 Die skares is so geweldig daar, ons kan hulle nie in geboue sit nie; moet hulle net op die gronde sit. En dan gaan hulle partymaal op, die getalle is amper ongelooflik, partymaal tot soveel as vyfhonderdduisend. Dis 'n halfmiljoen mense in een enkele byeenkoms; nie soveel wat die byeenkoms bywoon in soveel dae nie, maar een byeenkoms. Julle weet, gewoonlik tel evangeliste hoeveel mense in ses weke bywoon. Julle sien? Maar ons—ons tel net hoeveel daar daardie dag is, daardie een keer. En so is daar partymaal geen plek om hulle te laat sit nie, julle weet, moet hulle net buite op die grond sit.

En ons moet die seisoene kry waar dit nie reën en stortreën nie. En daardie arme mense sit daarbuite. . . Ek het vroue daarbuite sien sit met hulle hare wat net afhang, welgeklede mense, en net—net heeldag in daardie reën sit. Net daar sit, en dit giet net, en donder, en blits, en storms wat waai, en hulle wat net heen-en-weer wieg teen mekaar soos daardie, net daar sit, wag tot jy kom bid vir hulle. Sien? Nou, julle weet God eer geloof soos daardie. Hy doen dit.

7 Jy moet iets doen vir God om te eer. Julle sien? Wys jy vir Hom. Die mense vir wie alles so maklik gegee word, hulle is gewoonlik nie. . . Hulle—hulle doen niks daarvoor nie, julle sien. Jy moet. . . Die gawe is verniet, dit is waar, maar jy—jy moet. . .

8 Dit lyk asof dit, julle weet, soos hulle sê: "As jy met die silwerlepel in die mond gebore is," julle het dit al gehoor: "waardeer jy nie." Maar wanneer jy daarvoor moet werk, waardeer jy die waarde daarvan.

9 Nou julle mense in die bandopnames daarbinne, ek wil dat—dat. . . Ek dink nou ek. . .

Vanmôre, was die boodskap vanmôre, vir my, die hoogtepunt Boodskap van my hele bediening; vanmôre, sien, 'n hoogtepunt Boodskap van my hele bediening. Eendag sal ek vir julle vertel hoe dit gebeur het. En ek weet dat alles vir maande en maande en maande saamgewerk het, tot by daardie een Boodskap, opbeweeg het om by daardie plek te kom. Dit was die afrondingstyd daarvan, julle sien. En dis 'n. . .

10 Nou ek is seker, of hoop, dat julle begryp het wat die Teken beteken het. Sien? Die Teken is die teken dat die Bloed aangewend is. Dat, die prys wat gevra is, vereis was deur God, Jesus daardie prys betaal het deur Sy Eie Bloed te stort. Hy het dit gedoen. Toe, het die Heilige Gees uit Sy lewe gekom. En wanneer die Bloed aangewend word aan jou, is die Heilige Gees 'n Teken dat jou prys betaal is; God jou aanvaar het, en dis die

Teken. Onthou, dit is die Teken. Nou, daar is baie mense wat nie, hulle—hulle weet nie wat daardie Teken is nie, sien. En jy moet dit maak asof niemand dit weet nie, sien, sodat hulle almal dit sal kry.

11 Net soos om verlossing te preek, ons moet verlossing preek op 'n manier wat almal, dit vir almal is, wat, ons weet dit nie is nie. Ons moet Goddelike genesing preek vir almal, tog weet ons dit is nie. Sien? Jesus het gekom om diegene te red wat in die Boek van Verlossing was voor die grondlegging van die wêreld. Hy het net gekom om hulle te red. Wie hulle is, weet ek nie. Sien? Maar jy . . . Niemand kan geloof hê tensy jy sê dis vir wie ook al nie; en dit is, niemand kan kom tensy God hulle geroep het nie. Dit is waar. So daar is baie mense wat nie gered sal word nie. Ons weet daarvan. Hulle, wel, God het dit geweet voor die wêreld begin het, dat hulle nie gered sou word nie.

12 Daar is baie wat nie genees sal word nie, sien, baie sal nie genees word nie. Hulle kan net nie, hulle kan dit nie begryp nie. Hulle weet nie wat dit is nie. Baie sal wees. Maar ons preek dit dat dit vir almal is, want ons weet nie wie daardie persoon is nie; ons weet net nie. Maar dit is 'n wie ook al, maar sommige mense kan net nie daardie geloof begryp nie.

13 Nou, en dieselfde ding met hierdie Teken. Die Teken, ons het die heeltyd met die Teken gepraat, maar nou is die manifestasie van die Teken. Sien?

14 Nou, ons het dit somtyds toegeskryf. Die Lutherane het dit toegeskryf aan: "Om die Woord te aanvaar; Christus as persoonlike Verlosser te aanvaar." Die Metodiste het gesê: "Wanneer jy bly genoeg raak om te skree, dis Dit." Die Pinkster sê: "Praat in tale, dan het jy Dit." En ons vind uit dat dit alles verkeerd was. Sien?

Die Teken is die Teken. Dis jy en Christus as persone bymekaar. Sien? Dis die Heilige Gees, Sy Lewe in jou, wat Sy—Sy Eie Lewe deur jou bewerk. En dis vir die rykes, die armes, of vir wie dit ook al wil ontvang. Onthou nou, die Teken is wat jy . . .

15 Jy gaan na die spoorwegmaatskappy toe en jy betaal jou tarief. Daar is 'n prys, koste. Sê dit kos vyftig sent om met hierdie—hierdie busdiens, of spoorweg, te ry, van hier na—na Charlestown, Indiana, kos vyftig sent. Wel, nou, die maatskappy gee tekens uit sodat . . . Sien? Nou, die ding wat jy doen, jy gaan soontoe en iemand betaal jou reiskoste, vyftig sent. Hulle gee vir jou 'n teken wat jou die reg gee op daardie trein tot by sy bestemming, waarheen die trein ook al gaan. Sien? Dit gee vir jou . . . Dis 'n teken.

16 Nou, hierdie geval, was die bloed die teken. Letterlik, moes dit aangewend word, omdat al wat hulle gehad het, net chemie was, want dit was 'n lam se bloed, 'n dier, 'n lam se bloed. So die lewe wat in die bloed was, die lewe wat uitgegaan het, so

die bloed is gestort. Sien? Die lewe het uitgegaan, maar dit kon nie terugkom op die gelowige nie, want dis ’n dier. Maar dit het net gespreek van ’n goeie gewete, dat daar Een sou kom, ’n volmaakte Offer.

En, om dit ’n Volmaakte te maak, het die hele Regter, die God van die Hemel, die Offer geword; Regter, Jurie, en Advokaat. Sien? Hy het die Offer geword. En toe, toe Sy Lewe uitgegaan het, wat God was. . . En die woord daar, waar dit kom: “En Ek sal hulle Ewige Lewe gee.” Nou, in die Grieks. . . Ek weet ek praat met geleerdes. Ek sien twee of drie. Sien? En ek. . . En die woord in die Grieks daar, is Zoe. Z-o-e, in die Grieks, wat beteken: “God se Eie Lewe.” “En ek sal vir hom *Zoe*, My Eie Lewe, gee.” Christus en God was Een.

17 Dan, is die Lewe, wat daar in Christus was, die Heilige Gees, nie die derde Persoon nie; maar dieselfde Persoon, in die vorm van die Heilige Gees, wat op jou kom, as ’n Teken dat jou lewe en jou reisgeld betaal is, jy aanvaar is. Tot daardie teken kom, word jy nie toegelaat op die hoofweg nie, word jy nie toegelaat op die. . . in die—die busdiens nie; jy word nie toegelaat om in te gaan tot jy hierdie teken kan wys nie, en daardie teken is jou reisgeld. En nou wys Dit dat die Bloed gestort is en aangewend is aan jou, die prys is aangewend aan jou, en jy die Teken het dat die Bloed aangewend is aan jou en jy aanvaar is. Begryp dit nou? O, goeiste! O!

18 Nou—nou, glad nie net ’n sekere bewys nie. Sien? Julle sê: “Broer Branham,” ek voel dit in julle gedagtes, julle sien: “waarom sal ek weet?”

Kyk, wat was jy, en wat is jy nou? Daar is hoe jy weet. Sien? Wat was jy voor hierdie Teken aangewend is? Wat is jy na Dit aangewend is? Wat was jou begeertes voorheen, en wat is jou begeertes daarna? Dan weet jy of die Teken aangewend is of nie. En hierdie ander dinge gaan net outomaties Daarmee saam. Sien?

19 Dit—dit is nie soos om daaroor te praat, en te sê: “Tale is die bewys,” nie. Nou, ek sal dra, ’n paar skoene koop, die tong is nie die skoen nie. Dit kom net saam met die skoen, julle sien. Dit kom net saam met die skoen. Sien? Nou, dieselfde ding is die Teken. Die Teken is Christus. Maar praat in tale, en duiwels uitdryf, en daardie dinge doen, en preek, en wat ook al, is die bewys dat Dit daar is, waar, maar dis—dit is nie Dit nie. Sien, dis ’n gawe Daarvan. As ek vir jou gesê het dat. . .

20 Jy sê: “Ek—ek wil jou hê, Broer Branham,” en ek gee jou ’n gawe, sien. Wel, dis nie ek nie, dis my gawe.

Tale is ’n gawe van die Heilige Gees, nie die Heilige Gees nie; ’n gawe van die Heilige Gees.

21 En die duiwel kan enige van daardie dinge naboots, maar hy kan nie die Heilige Gees wees nie. Sien? Hy kan hierdie gawes naboots, maar hy kan nie die Heilige Gees wees nie.

En die Heilige Gees is die Teken dat die Bloed aangewend is, want Dit volg die Bloed al die pad van die Boek van Verlossing af. Sien dit? Dit was die doel waarom Hy gekom het. Dis wat Hy gevolg het in elke eeu. Elke eeu het Hy dit gevolg, om toe te sien dat Dit voortgebring word, en hulle kan nie vervolmaak word sonder ons nie. En nou besoek die hele Heilige Gees die Kerk, wat God in menslike vlees maak; soos Hy gedoen het voor Sodom, die verbranding daar, wat 'n tipe was. Toe, Abraham, Hy aan hom verskyn het.

22 En al die dinge wat Hy nie deur die tydperke heen gedoen het, in die kerktydperke nie, doen Hy nou. Terug na die Woord, want die boodskappe en die boodskappe en die boodskappe moet eindig in die hele Woord. En in die laaste dae, die Sewe Seëls wat oopgemaak is, moes elke draadjie optel wat uitgelaat is, en die hele ding in een groot liggaam van die Bruid maak, dat hulle wat destyds daar gelewe het, nie volmaak was tot hierdie Kerk vervolmaak word, hierdie Bruidgroep in die laaste dae nie, om hulle in te bring, en almal saam opgeneem word. Sien?

23 Die Teken, Jesus Christus, die Heilige Gees, is onder ons. Ons moet dit eerbiedig. Ons—ons—ons—ons kan nie onsself genoeg verneder nie. Jou skoene uit te trek, of op jou knieë te gaan, sou dit nie genoeg betuig nie; dit sou nie—dit sou dit nie bevredig nie, sou nie genoeg vir ons wees nie; maar 'n lewe wat die vrug van die Gees voortbring!

24 Nou wat is die vrugte van die Gees? Sien? Liefde, vreugde, vrede.

25 Onthou vanmôre? Voorbereiding, die boodskapper met die Boodskap gestuur. Volgende ding wat Hy gedoen het, na Hy die boodskapper met die Boodskap gestuur het, het Hy die Vuurkolom gestuur as 'n bevestiging. Volgende ding was, daarna, was 'n konstella- . . . of bemoediging. Sien? Jy het geweet dat dit reg is, jy het vrede gehad. Ons het vrede by God, deur die Here Jesus Christus. Sien?

26 Nou vanaand gaan ons vir die siekes bid, en ek dink hulle het nagmaal. Gaan julle—julle doop hê, doopdiens? [Broer Neville sê: "Nee."—Red.] Net nagmaal, nagmaal. En ons wil hê julle moet bly vir nagmaal.

27 En binne—binne vyf-en-dertig of veertig minute wil ons graag klaar wees en gereed vir die nagmaal. En nou, môre is die tyd van Werkersdag, so julle kan soort van uitrus. Nou, ek het gesê dit was ons voornemens, julle sien. Ons weet nie watter tyd nie. Ek wil seker maak dat dit reg is.

28 Nou, vanmôre het ek vir julle gesê, omdat ek nie by julle was nie, ek—ek dink ons het nog 'n twee- of drie-uur Boodskap

vanmôre gehad. Maar—maar ek—ek het net begin, en ek het gedink ek sal dit net oordra vir vanaand, maar dit was net te geweldig. Ek weet nie of die mense dit begryp het of nie. Ek hoop hulle sal, oral. En ek hoop daar was goeie bandopnames daarvan, sodat dit uitgedra kan word, om bekend te maak, dat ek glo, dat met die hele Boodskap wat ek ooit gebring het, daardie absoluut verordineer was van God, behalwe van die. . . Natuurlik, die gewone opdrag, soos die Sewe Seëls en dinge, dit was direk die Woord van God. Ek praat van 'n Boodskap om te preek; ek glo daardie een was dit, sien, daardie—daardie, die een wat op daardie Sewe Seëls moes volg.

29 Nou kyk wat na die Sewe Seëls gekom het: die vereniging van die mense, verenigde tekens, die rooi lig wat flits in die laaste dae, die teken van vroue wat mooier raak, en mans, wat hulle sou doen. Al hierdie tekens van die Heilige Gees wat oplei, dan weer reguit hier terugkom by die afronding van al daardie Boodskappe na die Sewe Seëls. Dit word afgerond in hierdie een ding, die Teken, dat ons reg is, sien, net onsself ondersoek en kyk of ons in die Geloof is.

30 Nou, die Here seën julle. En nou voor ons—voor ons blaai in die Bybel, om te bid vir die siekes. . . Ons het vanmôre gevra, vir hoeveel was daar verlede Sondagaand gebid, wat—wat—wat genees is, alreeds hierdie week genees is, en omtrent almal hier het hulle hand opgesteek, wat verlede Sondagaand by die diens was. Nou, dis iets, julle verstaan. Dis iets wat is. . . Dis, ek kry dit vir myself.

31 Daar was 'n seuntjie, vir wie daar pas gesê is, afgekom van Chicago, 'n klein Mev. . . Is daardie vrou, Peckinpaugh, Peck-. . . Mev. Peckinpaugh van—van. . . Sy's 'n baie goeie Christensuster. En sy het iemand gebring, 'n—'n kind, soos ek dit verstaan, 'n seuntjie of iets, wat—wat die. . . die dokters nie eens geweet het wat fout was met hom nie. Sy longe was so sleg, of iets, dat—dat hulle nie kon doen. . . hom nie in die skool kon sit of iets nie. Hy was baie, baie sleg. En gesê, die Heilige Gees het, net na die Boodskap, met daardie seuntjie gepraat, en hom geroep, hom vertel van sy toestand ensovoorts, en sy genesing verklaar.

En hierdie week het hy gegaan, die moeder of ouers, of wie dit ook al was, het hom teruggeneem na die dokter, en die dokter het gesê hy het 'n nuwe stel longe, sien, nuwe stel longe. En hoe ek dit verstaan, dat die—dat die ouers of iemand 'n lang-afstand oproep gemaak het, of so-iets, om dit bekend te maak aan die gemeente. Sien? Nou, God, die Skepper, kan 'n stel longe maak.

32 Ek—ek glo regtig dat ons op die—die drumpel is van een van die magtigste dinge wat ooit die aarde getref het na die dae van die Here Jesus. Sien? Sien? Maar nou kan ons net bekend wees as. . . Dit sal so nederig wees. Sien? Sien, wat die mens *magtig* noem, noem God "gruwel." Maar wat die mens *dwaas* noem,

noem God "magtig." Sien? So hou dit nou dop, sien, dit sal so nederig wees dat julle nooit sal mis . . . dat julle dit sal mis as julle nie die Teken daar het om dit te ondersoek nie, julle sien. Sien?

33 Wie sou ooit gedink het dat die berge gehuppel het soos rammetjies, en die blare hulle hande geklap het, toe 'n profeet uit die woestyn uitgekom het; wat gespreek is deur Jesaja, twaalfhonderd . . . of sewehonderd-en-twaalf jaar tevore. Met wangbaarde oraloor sy gesig, en 'n stuk skaapvel, nie eens 'n preekstoel om op te preek nie, geëkskommuniseer uit al die kerke, en wat op die wal van die Jordaan staan, en skree: "Bekeer!" En die mense 'n klomp "adders," slange genoem. Maar dis wat God gesê het, dat wanneer Hy kom: "sou die berge huppel soos rammetjies." Sien? Die nederiges het dit gesien en was bly.

34 Hoe kon hulle verstaan dat 'n . . . daardie groot Messias, wat geprofeteer is van heel van die begin van die Boek af, in Genesis, dat Hy sou kom, 'n Verlosser? Alle offerhandes, en alle profete, en alles het na Hom gewys. En toe, toe Hy gekom het, veronderstel om 'n buite-egtelike geboorte te wees; 'n vader wat, skynbaar, nie eers getroud was met Sy moeder nie. Sien? En die vrou was swanger met die baba voor hulle nog getroud was. En Hy het grootgeword onder so-iets, en gebore in 'n—'n klein . . . Wel, dit sê 'n stal, in die Bybel. Maar 'n stal in daardie dae was 'n grot agter in die—agter in die muur. Ek het eenkeer so 'n plek gekry buite in Arizona, toe ek gejag het. Daar was 'n stal agter onder 'n rotskrans. En dis hoe Jesus gebore is, agter in hierdie klein kransstalletjie op 'n krip van hooi en strooi, in 'n koeistal, sien, waar daar vee was.

35 En is grootgemaak as 'n Helper van 'n Skrynwerker, en hoe kon Dit die magtige Jehova wees? Maar Dit was, sien. Dit was. Sien? Baie vreemde soort Persoon. Maar, o, toe Hy nog net 'n Seun was, het Hy al die priesters verstom deur daardie Woord te ken. Want hoekom? Hy was die Woord. Sien? Hy was die Woord.

Hy het nooit 'n boek geskryf nie. Hy het nooit geskryf 'n—Hy het nooit 'n woord geskryf nie. Die enigste woord wat Hy ooit geskryf het, ek reken, dit het Hy uitgevee, in die—in die sand, toe 'n vrou gevang was in owerspel. Hy het nooit 'n woord geskryf nie. Hoekom? Hy was die Woord. Sien? Hy was die Woord. Hy hoef Dit nie te geskryf het nie; Sy lewe het Dit gelewe. Hy was die Woord. As Hy . . . "As Ek nie die werke van My Vader doen nie, moet My dan nie glo nie." Sien? "As Ek nie presies doen wat die Woord gesê het Ek sou doen nie, dan is Ek nie die Woord nie. Maar as . . . " Dis wat Hy bedoel het. Hy is die Woord.

36 So berei julle nou voor vir die—die komende genesingsdiens en die nagmaal. Ons sal bly wees as julle by ons kan bly as julle kan. As julle nie kan nie, sal ons 'n onmiddellike verdaging hê.

37 En moenie vergeet nie, bid vir my en bid vir my vrou, die liefste vrou in die hele wêreld, en—en vir my kinders. En ek het hulle nou geëis, elkeen, vir die Here Jesus.

38 Nou, Becky is net op die ouderdom van klein "ricketta," julle weet, en net 'n—'n klein "tiener-annie," soos ons dit altyd genoem het. En dan is sy net op daardie ouderdom. Maar, nou, sy's 'n baie liewe meisie, en ek—ek dank die Here daarvoor; geen rook, geen drink, geen uitgaan, niks nie. Maar sy's net op daardie ouderdom, sy—sy is sorgvry. Sy wil nie kerk toe gaan nie, en, as sy gaan, sit sy daaragter en kou kougom, staan op en loop uit. Dit, sien. Ek wil haar gevul sien word met die Heilige Gees.

39 Ek wil vir Joseph sien, ek wil daardie seun. . . Ek glo dat, eendag as ek nie meer na die preekstoel toe kan loop nie, wil ek hierdie ou verslete Bybel vat en dit aan hom oorhandig, sê: "Joseph, bly Daarby, seun." Dan is ek gereed om op te klim. Ek wil 'n wind iewers hoor waai, opkyk, my hand waai, vertrek.

Kom ons bid.

40 Vader God, ons hele lewe is toegedraai Daarin, want Dit is U, en U is ons Lewe. Nou daar is sommige hier, Here, wat—wat selfs hierdie Teken het waarvan ek gepraat het. Hulle het daardie Teken in besit geneem, en tog is hulle siek. En ek wil vanaand preek oor om hulle moed te gee, om—om hulle aan te moedig om daardie God-gegewe regte te neem. Hulle het 'n reg om daardie duiwel te verslaan. Hy is alreeds verslaan, en hy bluf hulle net. Ek eis hulle, Vader.

41 Help my nou om die Woord te spreek. Spreek U deur my, Here, met hierdie paar notas wat ek hier neergeskryf het, en Skriffies wat ek neergeskryf het. Ek bid dat U my sal help, Here, en in die Woord ingaan en hulle geloof gee tot die eer van God. In Jesus' Naam bid ek. Amen.

42 Vinnig nou, ek wil hê julle moet blaai in die Boek van Jeremia en die 29ste hoofstuk, as julle wil lees. Of, as julle nie wil nie, merk dit net. Jeremia, die 29ste hoofstuk. En ons gaan begin by die 10de vers van Jeremia, die 10de vers van die 29ste hoofstuk. Ook, gaan ons lees uit Lukas, die 16de hoofstuk, vanaf die 14de vers.

43 Nou gaan ek vir julle my teks gee, terwyl julle—julle—julle blaai. My teks vanaand is *Desperaathede*. En ek. . . Desperaatheid, en, nou, julle weet wat desperaathede is.

En nou gaan ons lees uit Jeremia die 29ste hoofstuk, die 10de vers.

> *Want so sê die* HERE, *As eers sewentig jaar vir Babel verby is, sal Ek op julle ag gee, en aan julle my goeie woord vervul, om julle na hierdie plek terug te* draai.
>
> *Want ek weet watter gedagtes Ek aangaande julle koester* . . . (Is dit nie lieflik nie?) . . . *spreek die* HERE,

egter *gedagtes van vrede, en nie van onheil nie, om julle* die aanvaarde *toekoms te gee.*

Dan sal julle my aanroep, en heengaan en tot my bid, en Ek sal na julle luister.

En julle sal my soek, en vind, as julle my vra met julle hele hart.

En Ek sal my deur julle laat vind, spreek die HERE, en julle lot verander, en julle versamel uit al. . . nasies, en uit al die plekke waar Ek *julle* gedryf het, *spreek die HERE; en. . . Ek sal julle terugbring* na—na *die plek* vanwaar *Ek julle in ballingskap weggevoer het.* Terug na pinkster!

Ek het dit self daar ingesit. Dis sê dit nie so nie. Dis wat ek bedoel het vir die Kerk.

Lukas 16, vanaf die 15de vers, of die 16de vers.

Die wet en die profete was tot op Johannes: van toe af word die koninkryk van God verkondig, en elkeen druk *met geweld daarin.*

"Elkeen dring met geweld Daarin." Stap nie net eenvoudig Daarin, met gemak nie, maar daar moet met geweld Daarin ingedring word. Sien? Nou: "Wanneer julle My met julle hele hart soek, dan sal Ek gevind word."

44 En Hy het belowe dat Hy sou terugkeer en die mense versamel, van verstrooid wees regoor die aarde, na daardie sewentig jaar, terug na Jerusalem waaruit hulle weg is; en Hy het dit net so gedoen. Dis reg.

45 Nou gaan ons praat oor—oor *Desperaathede* nou vir 'n paar minute. Gewoonlik, verg dit 'n noodtoestand, om ons in desperaatheid te laat beland. Sien? Dis baie jammer dat dit dit verg, maar mense is so traag in hulle gedagtes, dat dit 'n noodtoestand verg. Iets gebeur, en wanneer dit gebeur, dan gooi dit—dit hulle in daardie desperaatheid. En eintlik, deur dit in desperaatheid te doen, bring dit daardie regte ding uit wat jy is. Dit wys waarvan jy gemaak is, in die tyd van desperaatheid. Dit trek gewoonlik al die goeie dinge uit wat daar in jou is.

46 In die tyd van dood, ek het mense gehoor wanneer hulle geweet het hulle was sterwend, die dinge wat hulle hulle hele lewe geheim gehou het, het hulle, in desperaatheid, het hulle dit probeer bely. Sien? En probeer: "Neem *hierdie* en maak dit reg; gaan, asseblief; gaan, doen," in desperaatheid. Hulle moes dit voor die tyd gedoen het, sien, nie wag tot die tyd van nood nie. "Sal jy *so-en-so* maak vir my?" Die noodtoestand veroorsaak desperaatheid. Wanneer, ons dit behoort te doen sonder die noodtoestand.

47 Nou let ons op, vanaand, dat ons die simbole van die Pasga neem. En die Pasga was in nood geneem, in tye van

desperaatheid. Julle sal oplet in—in Eksodus die 12de hoofstuk, en die 11de vers van die 12de hoofstuk, dink ek is dit, dit sê: "Eet hierdie Pasga met die skoene aan julle voete, met julle lendene omgord, en met die staf in julle hand," sien, jy eet dit in desperaatheid.

48 Hulle het die groot hand van God gesien. Hulle het al Sy wonderwerke gesien, en toe het hulle onder die teken van die Teken gekom. En terwyl hulle onder die teken van die Teken was, het hulle die nagmaal in—in desperaatheid geneem, want hulle het geweet dat God op daardie tyd gereed was om met oordeel te tref.

49 En dit was 'n skuddingstyd. Dit was tyd waar elke mens homself ondersoek het, want die Woord van die profeet het nie een keer gefaal nie. Dit was reg bewys. Wat hy ook al gesê het, dit het net presies gebeur soos wat hy dit gesê het. Die Vuurkolom was steeds daar. En, toe, het die profeet aangekondig dat God net sou verbygaan wanneer Hy die teken op die deur gesien het. En dit was 'n desperaatheid.

50 Ek kan my voorstel die kinders was. . . toe hulle daardie groot, swart vlerke sien neerdaal het uit die lug soos 'n rook wat oor die stad afsak, die krete wat uit elke huis gekom het, sou die kinders dalk na hulle pappa toe gegaan en gesê het: "Pappa, is jy seker ons is onder daardie teken?"

En hy kon na die deur toe gaan, opkyk na die deurposte, die latei, gesê: "Seun, dis volgens Sy Woord."

"Onthou, ek's jou oudste kind. Pappa, is jy seker?"

51 "Ek is seker! Dis volgens wat die profeet vir ons gesê het, en hy het die Woord van die Here. Gesê: 'Wanneer Ek die bloed sien, sal Ek by jou verbygaan. Neem 'n lam vir die huis.' Ek het al jou kinders ingebring. Jy's die oudste, maar my eersgeborene. Dis die een wat almal daarbuite sterf; maar *daar* is die bloed. Dis wat SO SPREEK DIE HERE was. So rus, my seun, rus gemaklik, want God het die belofte gemaak. Sien?"

"Wel, Pappa, waarom het jy jou skoene aan? Waarom het jy die staf in jou hand? Waarom het jy 'n stuk brood in een hand en 'n lam in die ander hand? Waarom is daardie bitter kruie en goed? Wat eet jy dit? Waarom loop die sweet van jou gesig af?"

"Seun, die dood gaan tref." Sien, dit was in 'n tyd van desperaatheid.

52 Nou, ek glo ons lewe in die dae dat ons is. . . Of, andersins, moet die dae waarin ons lewe die Kerk heeltemal laat oorgaan tot desperaatheid. Ek glo, na die boodskap van God vanmôre, nie van my nie, glo ek dit behoort hierdie hele gemeente in desperaatheid te laat beland, dat ons lank genoeg gespeel het. Ons het lank genoeg kerk toe gegaan. Ons moet iets doen.

53 Hoe is dit dat ons kan sien dat ander groot tekens en wonders op ander gedoen word, en wat van ons? Dit behoort 'n staat van desperaatheid te veroorsaak, dat ons vasbeslote is, voor God. Die tekens van Sy Koms behoort hierdie hele gemeente te bring, wanneer ons dit uit die Woord gelees het. . . Die Heilige Gees ons vertel het: "Gaan na 'n sekere plek toe, *sekere-sekere* ding gaan gebeur," nie vir ons sê wat dit was nie, maar dit sou gebeur. Ons gaan soontoe, dit gebeur so. Die koerante berig daaroor, die tydskrifte berig daaroor, wys die foto daarvan. Kom hier terug en sien daardie groot verborgenhede, verskuil in die Bybel, wat oopgemaak word vir ons, op 'n nuwe veld wat ons nooit tevore geken het nie, en volmaak saamsmelt met die Koms van die Here Jesus.

54 Dan, aan die einde van die Boodskappe, die aksie sien van die groot Heilige Gees, Hom sigbaar sien afkom voor die mense, selfs foto's Daarvan neem. Dit sien werk en wys dat dit nie 'n man is nie, dit nie net 'n prediker is nie, dit nie 'n sekere gemeente is nie. Dis die Heilige Gees wat dieselfde ding wys wat Dit het toe Dit beliggaam was in die liggaam van Jesus Christus. Nou is Dit in die Liggaam van Sy Bruid. Dit behoort ons te laat oorgaan tot desperaatheid.

55 Daardie mense het die hand van God gesien. En daardie nag van die nagmaal, het hulle dit geneem met. . . in desperaatheid, omdat hulle geweet het dat iets gereed was om te gebeur. En ons weet iets is gereed om te gebeur. En onthou, die Koms van die Here sal 'n skielike, geheime vertrek wees. Hy sal kom en Haar neem soos 'n dief in die nag. En om te dink dat as iemand, meteens, is daar lede van ons familie weg, en jy's agtergelaat! Dit behoort ons te laat oorgaan tot desperaatheid, deur God se genade, ons nie agtergelaat sal word nie. "As daar enigiets is wat ek nie wil hê nie. . . Moenie, moet my nie agterlaat nie, Here."

56 'n Paar dae gelede het ek vir Mel Johnson daardie lied hoor sing:

> Onthou my wanneer die trane val, ja
> Onthou my wanneer vriende nie daar is nie
> En wanneer ek oor hierdie Jordaanrivier gaan
> Wanneer U die rol aflees, onthou my.

57 En op die Lam se Boek van die Lewe, wil ek my naam geskryf hê. Ek wil hê Hy moet my onthou wanneer die rol afgelees word. En dit laat my oorgaan tot desperaatheid, dit is, soos Paulus gesê het: "Na ek die Evangelie verkondig het, sal ek 'n—'n verstekeling wees, sal ek 'n—'n verstoteling wees?" Dit kan gebeur. So, dit laat my oorgaan in 'n desperate toestand, om te dink aan, na al hierdie jare van prediking, sou ek—kon ek. . . 'n plek kom waar ek Hom kon faal? Wat's die volgende skuif? Wat moet ek volgende doen? Dit laat my oorgaan in 'n senuweetoestand. En wat kan ek doen? Dit laat my gaan na die berge en die dale. En dis moeilik, want,

wanneer ek by die mense is, moet ek alles vir almal wees, dat ek sommige kan wen vir Christus, tog met daardie Teken altyd voor my. Sien?

58 En ek sien dinge wat opkom, en jy kan nie die mense vertel nie. Jy sien verskillende dinge, en jy word verbied. Daardie visioene wat hulle vra, en partymaal sou hulle jammer wees as jy hulle wel vertel het, en jy weet beter as om dit te doen. En dan gaan jy so ver in visioene tot alles 'n visioen word, en dit jou laat oorgaan in 'n senuweetoestand. Jy—jy kyk en sê: "Is ek nou in 'n visioen?" Soos om net hier te sit: "Is hierdie 'n visioen? Waar staan ek regtig?" Sien, jy—jy oorwerk jouself, jy oorlaai jouself. En jy vind dinge uit van mense wat jy wens jy nie geweet het nie. Die mense wat hierdie dinge begeer, om daardie dinge te weet, hulle besef nie wat daardie soort bediening kos nie. Julle weet nie wat saamgaan daarmee nie. Dan laat dit oorgaan tot desperaatheid: "Here God, ek weet ek sal moet antwoord."

59 Jack Moore het eenkeer vir my gesê: "Ek sal nie graag wil antwoord soos jy sal moet, op die Oordeelsdag nie." Gesê: "God het hierdie mense in jou hande geplaas, en jy gaan rekenskap gee vir elkeen van hulle. Jy gaan antwoord vir jou bediening." Dit was omtrent vyftien jaar gelede, of miskien agtien. En van toe af, was ek in desperaatheid. Wat sal ek doen?

"Laat my net sê wat U sê, Here. Laat ek vir hulle vertel wat die Waarheid is, of niks sê nie." Dit laat my oorgaan tot desperaatheid.

60 Dan hierdie tekens sien kom, die Heilige Gees ons daar sien uitneem, en hierdie Seëls bring, en hulle inlê soos daardie. Die Kerktydperke bring en hulle inlê, dan afkom in 'n groot Vuurkolom daaragter, en—en Homself openbaar. Dan afkom op die volgende ding, op die Sewe Seëls, en dit openbaar. Dit selfs in die koerante en tydskrifte plaas. Dan inkom en die engele van God neem, daardie sewe engele met sewe Boodskappe, en dit presies bevestig wat die Bybel gesê het. Toe, gedurende daardie tyd, opkom en daardie Seëls inbring . . . daardie tekens, flitse van die eindtyd, en dit na die mense toe opbring en hulle vertel wat dit is, en alles daarvan, en die Here wat net daar gewerk het om te wys dat Hy teenwoordig is. En dan, reguit af soos vanmôre, opkom en daardie Teken vereis op elke persoon. Dan, julle is my mense. Julle is diegene wat ek liefhet, hierdie en hulle wat na die bandopnames luister, ensovoorts. Dan sien julle in watter desperaatheid dit my plaas.

61 Desperaatheid. Tekens van Sy Koms behoort elke lidmaat van Christus nou te laat oorgaan tot desperaatheid, oor ons siele, oor ons—ons—ons welstand vir die hiernamaals. Wel, wat gaan dit ons help as ons die hele wêreld win? Wat is ons, waarvoor lewe ons? Waarvoor werk jy? Waarvoor eet jy? Waarvoor sukkel

jy? Om te leef. Waarvoor lewe jy? Om te sterf. En jy's nie geskik om te lewe voor jy geskik is om te sterf nie. Dis waar.

62 En ons sien soveel wonderwerke van genesing, dit behoort ons in desperaatheid te plaas.

63 As daardie klein seuntjie. . . Kyk ek nou na mev. Peckinpaugh? Is hierdie Mev. Peckinpaugh? Is jy die een wat die seun hier gehad het, so-iets? Wel, hier sit die vrou, van wie ek gepraat het, net hier. Ek het net soontoe gekyk en haar gesien.

64 Nou as God dit kan doen vir daardie klein seuntjie, behoort dit julle te laat oorgaan tot desperaatheid.

65 'n Man van New Albany, hy mag dalk hier wees vanaand. Hy's 'n vriend van my Broer Roberson. Het 'n klein seuntjie hier gehad. Ek dink sy vrou het eenkeer kanker gehad en is genees. En—en nou, het die klein seuntjie so erg asma dat hy net in 'n slegte toestand is. Kêreltjie, amper kankerkeel, self. Sien? En toe het hy die klein seuntjie gebring, ja, ek sien sy hand op aan die agterkant, daaragter, is voor gebid vanoggend, julle sien.

66 Desperaatheid! Toe die vrou omtrent gereed was om te sterf aan kanker, het hy geweet God kan haar genees. En as God die vrou kon genees, kan God die seun genees. En dit laat dit oorgaan in 'n noodtoestand. Sien? Jy moet kom; en wanneer jy desperaat is, dan gaan God na jou luister. Maar as jy net traag is, jy nie omgee of Hy dit doen of nie, wel, dan is dit anders. Jy sê jy doen, maar dit kos desperaatheid om dit te doen.

67 Ek glo die rede waarom ons nie desperaatheid het nie, is as gevolg van 'n gebrek aan liefde, God, die liefde van God. Ek glo dat die liefde van God desperaatheid veroorsaak. As God in jou is, die Teken in jou, en jy sien die toestand van tye, en mense wat in sonde wandel soos wat hulle doen, sal dit jou laat oorgaan in desperaatheid. Ek glo dit sal.

68 Die woord sê nou duidelik, as julle hierdie wil neerskryf, in Galàsiërs 5:6, dat: "Geloof werk deur liefde." Sien? "Geloof werk deur liefde." En die enigste manier wat jy geloof kan hê, is om eers liefde te hê. Want, eintlik, is geloof liefde se aansporing. Aansporing, dis presies wat—wat geloof is. Dis 'n aansporing om lief te hê. Nou, jy, as jy nie liefde het nie, kan jy nie geloof hê nie. Sien?

69 Hoe kan jy geloof hê in jou vrou as jy haar nie liefhet nie? Dis in *fileo*. Nou wat van in *agapao*, vir God? Hoe kan dit wees as jy nie vir God liefhet nie?

As jy gesê het jy het jou vrou lief, en haar nooit daarvan vertel nie, en nooit gaan sit en lief wees vir haar, dit vir haar wys, haar soen, haar druk, en vir haar sê sy's die beste kok in die land, al die dinge wat jy weet, en hoe mooi sy is, en hoeveel jy haar liefhet

nie; as jy nie dit doen nie, sal sy dit nooit weet nie. Dis die manier. As jy haar wel liefhet, wys jy dit.

70 Dis wat ons met God doen. Wanneer ons Hom liefhet, vertel ons Hom daarvan. Ons gaan sit en ons bemin Hom, en aanbid Hom. En, sien, liefde dring ons om dit te doen.

71 Nou wat as daar iets gedoen moet word vir jou vrou? Wel, dit sou jou tot desperaatheid laat oorgaan om dit gedoen te kry. Wat as iemand sê jou vrou het kanker? Wat as iemand sê jou—jou vrou het TB, en sy is op sterwe? Wel, jy, jy sal enigiets doen. Sien, dit sal jou tot desperaatheid laat oorgaan.

72 En dis dieselfde ding wat dit is. Ons moet liefde hê voor ons geloof kan hê. En geloof . . . Wanneer ons egte liefde het, wat doen dit? Dit stoot ons geloof uit op die slagveld vir God. Sien? Egte goddelike liefde vir God en vir Sy Woord en vir Sy mense, sal geloof daar uitstoot. Liefde kry net geloof beet, en net: "Kom aan, kom ons gaan!" En daar gaan dit uit, want dis wat liefde doen.

73 Johannes 14:23, het Jesus gesê: "As iemand My liefhet, sal hy My Woorde bewaar." Nou jy kan nie Sy Woorde bewaar sonder om geloof te hê in wat Hy gesê het nie. So, julle sien, as hy God liefhet, dan bewaar hy God se Woord. As Hy gesê het: "Ek's die Here wat jou genees," glo hy dit. Liefde laat hom dit glo, want liefde oorheers alles. "Al praat ek met tale van mense en Engele, het nie die liefde nie, is dit niks, sien. Al het ek geloof om berge te versit, en het nie die liefde het nie, is dit niks." Liefde oorheers alles, want God is liefde, 'n God van liefde. Nou, ja, meneer! As Jesus gesê het: "As iemand My liefhet, sal hy My Woorde bewaar."

74 Ons weet dat dit waar is dat God 'n desperate siel sal ontmoet. Nou, ons weet dit almal. Maar dit kos gewoonlik iets om ons daarnatoe te dryf, na daardie wanhoop, na die desperaatheid. Dit kos iets om dit te doen.

75 Ons vind uit, in Jakobus 5:15, dat die Bybel gesê het, dat: "Die vurige," dis desperaatheid: "vurige gebed van 'n regverdige man het groot krag. Wanneer 'n regverdige man, 'n goeie man, in wroeging verkeer," of sielenood, of wroeging, enige een. Ek—ek dink "nood" is 'n beter woord. Wroeging, of nood, watter een jy dit ook al wil noem. Maar wanneer 'n—'n—'n siel in—in desperaatheid beland, in wroeging, die vurige gebed van 'n man wat die Teken kan wys, doen dit iets. Sien?

76 Let op wat die Bybel ook hier gesê het, in Jakobus 16, 5:16, gesê, as . . . "Ons foute bely," regmaak, gereedmaak daarvoor: "ons foute teenoor mekaar bely." Om geen—geen foute te hê nie . . . Vra vir mense om vir julle te bid, ons foute aan mekaar te bely, en vir mekaar te bid. Daar het julle dit. Met liefde, liefde, dat ek vertroue het dat ek my foute aan jou kan bely; en jy jou foute aan my kan bely. En ek is lief genoeg vir jou dat ek vir jou sal bid, en jy vir my sal bid; en ons daarby sal bly, met vurige

gebed, tot dit beantwoord word. Dis, dis desperaatheid. Dis wat ons nie hele tyd moet hê.

77 Kom ons neem 'n paar Skriftuurlike voorbeelde daarvan, wat gebeur het, nou, vir nog, omtrent vyftien minute, as die Here wil.

78 Jakob, hy was 'n man, hy was eers 'n bietjie. . . soort van 'n sorgvrye seun. Hy het in sy eie gedagte gedink dat hy geweet het die geboortereg alles vir hom beteken het, en hy het nie omgegee hoe hy dit moes kry nie, net solank hy dit gekry het. En na hy dit gekry het, het hy gedink alles was reg, omdat hy die geboortereg gehad het. Hy het gedink die ding was afgehandel. Hy het na sy broer toe gekom toe hy honger was, ingekom uit die veld, na hy met die vee gewerk en die takbok gejag het. En sy broer, hy—hy het 'n groot pot sop nodig gehad, wilde ertjies en—en dinge bymekaar. Mag 'n groot versoeking gewees het wanneer 'n man honger is, na hy heeldag geloop het. En sy broer het gesê: "Ek is net omtrent gereed om flou te word. Gee vir my 'n bietjie hiervan."

En hy het gesê: "Wel, ek. . . as jy vir my sweer ek sal die geboortereg kry." Sien? Hy het nie omgegee hoe hy dit gedoen het nie, net dat hy dit gekry het. En hy het gedink, toe hy die geboortereg gekry het, dit dit afgehandel het.

79 Pinkster, daar is waar julle gefaal het! Julle het gedink omdat julle gebore was uit die Gees, gebore uit die Gees van God, die Geboortereg, dit dit afgehandel het. Maar dit begin dit net. Onthou julle in die boodskap van—van *Luister Na Hom,* hoedat die kind, na dit gebore is in die familie, 'n seun geword het. Dit het regte tot die geboortereg gehad, maar dit moes bewys word, kinder-opvoeding. En dan as dit nie bewys is as 'n—'n gehoorsame kind vir die vader se wil nie, dan moes dit, wel, het dit nie gekry die—die. . . was nie die. . . erfgenaam geword nie. Dit het niks geërf nie, al was dit 'n seun, maar hy het niks geërf as hy nie belang gestel het in die vader se werk nie.

80 En so toe die Heilige Gees op die Pinkstermense geval het en hulle weer die gawes en dinge begin herstel het wat in die kerk was; het hulle gedink, omdat hulle gebore was uit die Gees, dat dit dit afgehandel het. Maar, julle sien, daar is 'n plasing van 'n seun. En na hierdie seun bewys is as 'n ware seun, dan is hy na 'n openbare plek geneem, en dan voorgestel, 'n ander kleed aangetrek, en daar voorgestel; en dan was daar die plasing van 'n seun, dat hy die erfgenaam was van alles wat die vader gehad het.

81 God het dieselfde ding gedoen met Sy Seun op die Berg van Verheerliking. Hy is oorskadu deur die. . . of 'n wolk, en is verander van gedaante, en Sy klere het geskitter soos die son, en 'n stem het gesê: "Dit is My Geliefde Seun in Wie Ek 'n welbehae het." Moses en die wet het misluk. En hierdie is Hy: "Luister na Hom." Hy is geplaas. Sien?

82 Nou Jakob het gedink, omdat hy die geboortereg gehad het, dat alles gemaak was.

So ook het die Pinkstermense, en hulle het begin organiseer, die—die eenheid, drieheid, en drie-eniges, en allerhande soorte organisasies, en gestry en aan mekaar getrek, gewys dat die Teken nie gewys het nie. Kwaadwilligheid, jaloesie, twis, sien, maar dis waarby dit gekom het.

83 Nou, sien, Jakob het dieselfde ding gedink. Maar in vrees, een aand, vir sy eie lewe, het desperaatheid hom beetgepak, toe hy gedink het dat: "Net oorkant daardie rivier daar, wag my broer om my dood te maak. Hy gaan dit doen." Sien, die geboortereg wat hy gekry het, was die ding wat sy dood sou veroorsaak.

En partymaal sal daardie einste ding wat jy ontvang, as die Heilige Gees, Dit is, en wedergebore word deur die Gees, as jy nie dophou nie, sal daardie selfde ding jou veroordeel aan die einde. Dis reg. Die einste waters wat vir Noag gered het, het die wêreld veroordeel. Die ding wat—wat jy fanatisme noem, mag die einste ding wees wat jou aan die einde van die pad veroordeel.

84 Nou Jakob het geweet dat sy lewe naby aan sy einde was. Hy het 'n boodskapper gehad wat hom kom vertel het dat sy broer, met vierhonderd gewapende manne, oppad was om hom te ontmoet, geweet hy was—hy was oppad. Vrees het hom beetgepak. Hy het manne vooruit gestuur met os, en beeste, en skape om 'n vredesoffer vir Esau te maak. Toe, daarna, het hy nog 'n groep laat gaan met nog 'n vrag goed. Toe het hy nog 'n groep laat gaan met nog 'n vrag goed, om hom eerste te probeer ontmoet, om sy toorn te probeer afwend. Toe het hy begin dink: "Dit sal hom nie stop nie, want hy's waarskynlik ryker as wat ek is. Hy het dit nie nodig nie." Toe het hy sy vroue en sy klein kindertjies geneem, en hulle oorgestuur, dat Esau daardie klein kindertjies en sy vroue kon sien. En sekerlik met sy eie klein niggies en nefies, sou hy hulle nie doodmaak nie. Toe, hy, steeds kon hy dit nie doen nie. God weet hoe om 'n man te kry. Jakob het die stroompie oorgesteek. Daar het hy op sy knieë afgegaan.

Julle weet, hy was soort van 'n klein soort van skelm gewees, voor dit. Verskoon die uitdrukking, maar soort van 'n klein . . . Hy was 'n Jakob. *Jakob* beteken "'n bedrieër," en dis wat hy was. Maar daar's iets wat met hom moes gebeur. Daar in desperaatheid, daar toe die dood voor hom gelê het . . .

85 Daar mag dalk mans en vroue wees wat vanaand hier sit, wat is, die dood reg voor julle lê. En die enigste manier wat julle ooit in staat sal wees om die ding te bereik wat julle wil hê, is om desperaat te kom. "Ek moet dit vanaand kry. Ek kry dit nou, of ek's gedaan. Môre is te laat. Ek moet dit nou kry!"

Wanneer jy bid vir die doop van die Heilige Gees, die Teken, moenie sê: "Wel, nou sal ek opgaan en probeer. Here, ek, ek's 'n bietjie moeg," nie. O, genade, bly in jou sitplek! Moenie eers—

moenie eers 'n poging aanwend nie. As jy kom, sê: "Ek sal deur die gebedsry gaan; sit die olie op my kop, ek sal kyk of dit my sal help," kan maar net sowel bly sit waar jy is. Tot jy daardie punt bereik, tot die hele kerk daardie punt bereik, dat dit tussen lewe en dood is, jy Dit nou moet kry of vergaan, dan sal God op die toneel kom. Dit kos desperaatheid om God op die toneel te bring.

86 Jakob het gehuil soos nog nooit tevore nie. Desperaat het hy geroep tot hy vir God beetgekry het. En toe hy het, het hy gestoei; nie vir vyftien minute nie. Hy het gestoei om Hom in sy siel te hou, heelnag lank; en steeds het hy geweet hy het nie die seën nie, en hy was in staat om vas te hou tot die seën gekom het. Hy het desperaat gestoei tot die seën gekom het. Toe, en toe hy gesien het . . . tot God op die toneel gekom het. En toe, in wanhoop: "Ek sal U nie laat gaan nie," toe hy begin het om die seën te voel afkom op hom.

Baie mense sê: "Prys God, ek het dit nou." Daar word julle mislei. Ja! Iemand sê: "O, ek voel so goed, Broer Branham, ek het soontoe gegaan en gebid. O, rillings het regoor my gegaan." En dit mag God gewees het. "Ek het 'n groot lig voor my gesien." Dit kon steeds God gewees het, maar dis nie waarvan ek praat nie.

87 Die Bybel het gesê, in Hebreërs die 6de hoofstuk: "Die reën val op die regverdige en die onregverdige, net dieselfde." Nou, as jy koring vat, en onkruid vat, en jy sit hulle in dieselfde land. En die reën word eintlik gestuur vir die koring, maar die reën val op die onkruid net soos wat dit op die koring val. En, die reën, en die onkruid is net so bly oor die reën as wat die koring is, en dis net dieselfde reën. Die einste Heilige Gees kan op 'n ongelowige val en hom net presies dieselfde laat optree as wat 'n gelowige optree. Maar aan hulle vrugte word hulle geken; dis waarvan ek praat, dis die Teken. En Da- . . .

88 En Jakob, liewer, in desperaatheid, het hy gesê: "Ek weet ek het U gevoel, U is hier by my, maar ek gaan U nie laat gaan nie."

Iemand sien dit goed, die eerste sensasietjie, staan hulle op en spring op-en-af, hardloop in die paadjie op, sê: "Ek het Dit, ek het Dit, ek het Dit." O, nee. Huh-uh. Nee.

Jakob het daar gebly tot iets gebeur het, wat hom anders laat loop het, hom 'n ander persoon gemaak het, omdat hy gebly het tot dit gebeur het. En hy was in staat . . . Die Bybel het gesê: "Hy het vasgehou tot hy oorwin het." Hoe kan 'n mens vir God oorwin? Maar jy kan dit doen. Jy kan dit doen. 'n Mens kan vir God oorwin.

89 Eenkeer was daar 'n man genaamd Hiskia, vir wie daar gesê is deur die profeet: "SO SPREEK DIE HERE, jy gaan sterf." Hiskia het sy rug na die muur gedraai, en in desperaatheid het hy uitgehuil: "Here, wees my genadig. Ek het voor U gewandel met 'n volmaakte hart, en ek het nog vyftien jaar nodig," na God hom

vertel het dat iets sou gebeur, hy sou sterf. En, in desperaatheid, het hy die program van God verander. Desperaatheid, egter, hy het bitterlik gehuil in desperaatheid.

90 Jakob het daar gebly tot die seën gekom het, en hy het sy naam verander van "'n bedrieër" na "'n prins by God." Selfs die volk was op sy naam genoem. Ja, meneer! Wat was dit? Die resultate was omdat hy desperaat geraak het oor hierdie ding. En die volgende dag toe hy vir Esau ontmoet het, het hy nie enige wagte nodig gehad nie. Hy het reguit uitgestap en hom ontmoet. Sien? Hoekom? Hy het desperaat geraak tot hy die versekering gekry het.

En jy raak desperaat tot jy die versekering kry. As jy is nie, moenie eens kom om voor gebid te word nie. Moenie eens kom om na die altaar toe te gaan nie. Wag tot dit tussen lewe en dood is, vir jou, dan sal iets gebeur. Sekerlik, desperaatheid!

91 Rut het desperaat geraak, eenkeer, toe sy langs Naomi gestaan het. Sou sy moes teruggaan na haar mense, na alles wat sy liefgehad het, en alles wat sy—sy aanbid het, haar gode en haar mense, of sou sy aan Naomi vashou? Wat moet sy doen? En sy het desperaat geraak, en sy het uitgeroep: "Waar jy gaan, sal ek gaan. Waar jy woon, sal ek woon. Waar jy sterf, sal ek sterf. Waar jy begrawe word, sal ek begrawe . . . of sal ek begrawe word. En jou God sal my God wees." Daar het julle dit, desperaat! God het haar geseën, vir haar 'n seun, Obed, gegee. Obed was die vader van Isai. Isai was die vader van, deur Isai, het Jesus gekom. As gevolg van, desperaatheid!

92 Soos die prostituutjie, Ragab, sy was desperaat. Sy het geweet dat die dood voor haar lê. Sy was veroordeel. En sy het desperaat geraak, gesê: "Ek sal julle spioene versteek. Ek sal enigiets doen. Net, sweer by julle God, en my huis sal staande bly." Daar het julle dit.

Hy het gesê: "Ek sal . . . As jy hierdie teken neem, sal dit."

93 Eliëser het desperaat geraak toe die verantwoordelikheid op hom geplaas is om 'n bruid vir Isak uit te soek. Eliëser van Damaskus was 'n belangrike man. Hy was begunstig deur Abraham, en hy was deur Abraham vertrou om uit te gaan en 'n bruid te soek, 'n regte soort bruid, vir sy seun, Isak. Daardeur sou Christus voortgebring word.

94 Nou, Eliëser, wat 'n geestelike man was, het geweet wat dit beteken het. Die regte soort vrou moes daardie—daardie man se vrou wees. En hoe sou hy dit kies? In die uur van sy desperaatheid, toe hy aangekom het in die stad, het hy gebid en gesê: "Here God!" Dis die ding. Wanneer jy desperaat raak, begin bid. "Here God, laat die eerste meisie wat uitkom en die kameel water gee, en vir my water gee, dit wees." Hy het gebid in die uur van sy desperaatheid.

95 Rebbeka, die pragtige meisie, het gekom, die kameel water gegee. En toe hy gesê het: "Moet my nie ophou op my pad nie." Sy moes by 'n tyd van besluitneming kom of sy sou gaan. Sy was 'n tipe van die Bruid. Sou sy—sou sy gaan en trou met 'n man wat sy nog nooit eens gesien het nie? Nou, dis 'n groot ding. Hom nog nooit eens gesien nie, tog het sy net gehoor by sy dienskneg.

96 Dis 'n tipe van die Bruid. Julle het Christus nog nooit gesien nie. Maar julle hoor, by Sy diensknegte, wat Hy is. Julle verkoop alles, verlaat julle huise, al die res wat dit behels, om te gaan en Hom te vind. Let nou op, en sy het die besluit geneem, 'n tipe van die Bruid, haar denominasionele huis verlaat, sien, om te gaan.

97 Jona, oorboord gegooi in die tyd van 'n storm, in die bodem van die see, in die maag van die walvis. Alle hoop op oorlewing was weg. Maar dit het net in sy gedagte opgekom dat Salomo, met die toewyding van die tempel, gesê het: "Here, as die volk enige plek in die moeilikheid is, en hulle sal na hierdie tempel toe draai en bid, hoor dan." En met die omdraai in die maag van die walvis, reggekry om iewers op sy knieë te kom, reken ek, met die braaksel van die walvis oral oor hom.

Daar het hy in desperaatheid gebid. En daarin, desperaat; net 'n paar teue suurstof is al wat hy gehad het in die walvis se maag. En in daardie paar teue wat hy ingetrek het, miskien het hy nie geweet in watter rigting hy was nie, en gesê: "Here, ek glo ek kyk opwaarts na U tempel." En met net 'n paar teue oor, in desperaatheid, gebid, onder daardie toestande. Nog nooit tevore gedoen nie, maar hy was desperaat. Hy het gebid, en God het hom lewendig gehou vir drie dae en nagte, en hom afgelewer op die plek om sy boodskap te bring. Desperaatheid!

98 Hanna, 'n onvrugbare vrou in die Bybel, sy wou 'n seun hê, en sy het begin vas vir hom. En sy het gevas en gebid tot selfs die priester by die tempel gedink het sy was dronk. Sy was in sulke desperaatheid! Met die res van die vroue wat gekyk het watter hoedjie die ander een gedra het; en julle weet hoe dit gaan; en die ander een wat gekyk het watter soort klere hulle aangehad het, en gepraat het oor die dinge wat op die plaas aangegaan het. Maar nie Hanna nie; sy het reg deur die hele skare geloop en na die altaar toe gegaan. Sy het gevas. Sy wou hê haar skande moet weggeneem word.

Hoe anders is dit vandag. Dis amper 'n skande om 'n kind te hê. Toe was dit—was dit 'n skande om nie een te hê nie.

En sy het op haar knieë gegaan. En sy het nooit die eerbied van die tempel opgelet nie. Sy het nooit die waardige priester opgelet soos hy geloop het nie. Sy was in sulke nood tot die trane teen haar wange afgerol het, en sy gehuil het, in desperaatheid, "O Here God, gee vir my 'n seun. Gee vir my 'n seun!"

99 En, let op, sy was nie selfsugtig nie. Toe God haar gehoor het, en haar gebed beantwoord en vir haar 'n seun gegee het, het

sy hom teruggegee vir God. En omdat sy gewillig was om nie selfsugtig te wees na God haar gebed beantwoord het nie, het Hy vir haar 'n profeet gegee. O, dit was 'n ekstra seën. O, Hy's net vol van hulle, daardie ekstra dingetjies wat Hy gee. Nie net 'n seun nie, maar 'n profeet. En vir baie, baie jare, was daar nie veel visioene in Israel nie. Samuel, die eerste profeet, vir baie, baie jare, omdat 'n moeder desperaat geraak het; dat sy geen kinders kon hê nie, en sy verby die ouderdom van kindergeboorte was, waarskynlik sestig, sewentig jaar oud. En sy het gebid met desperaatheid, sy moes hierdie kind kry! Wat was dit? God het met haar gepraat, sonder twyfel.

100 Jy kan nie desperaat wees tot God met jou praat nie. O, Kerk, staan op en skud julleself! Knyp julle gewete, maak julleself wakker, in hierdie uur! Ons moet desperaat wees, of vergaan! Daar kom iets voort van die Here! Ek weet dit as SO SPREEK DIE HERE. Daar kom iets voort, en ons beter desperaat raak. Dis tussen Lewe en dood. Dit sal deur ons gaan en ons sal dit nie sien nie.

101 Omdat sy nie selfsugtrig was nie, is daar vir haar 'n profeet gegee.

102 Die Sunamitiese vrou het 'n klein seuntjie gehad waaroor die profeet die Woord van die Here gespreek het, al was sy oud en haar man oud. Hulle het geen kinders gehad nie, maar sy was goed vir hierdie—hierdie profeet. En sy het geweet hy was 'n man van God. Sy het gesien dat hy eerbaar was, 'n regte man. Hy het in die huis ingekom, haar man nie daar nie, en wat so meer. Hy was 'n heilige man. Hulle kon sien dat hy 'n eerbare persoon was. Sy het hom tekens en wonders sien doen. Sy het hom dinge hoor vertel wat gebeur het. Hy was 'n eerbare, heilige man.

Sy het vir haar man gesê: "Ek sien dat hierdie man, wat hier by ons stop, 'n heilige man is." Die vrou van die huis, sy het geweet dat hy 'n heilige man was. En sy het 'n huisie daarbuite gebou vir hom, sodat hy nie skaam sou wees nie. Hy kon verbykom wanneer hy wou, ensovoorts. Sy het 'n—'n bedjie daarbuite gesit, en 'n—en 'n beker water, ensovoorts, sodat hy homself kon was en iets kon hê om te drink. En sy sou waarskynlik die bediende uitstuur, of iemand, die dienskneg, met—met 'n bietjie kos om hom te voed, en verbykom en goeie dag—dag vir hom sê, of iets.

103 En, so, toe Elía hierdie guns gesien het wat aan hom bewys is. En daar staan geskrywe: "Wat jy aan My geringstes doen, dit doen jy aan My." So sy het dit gesien, die vrou het vir God geëer soos sy hierdie profeet geëer het, omdat sy vir God in die profeet gesien het. En, so, wou sy niks daarvoor hê nie. Dit was nie in haar hart vir enigiets nie. Sy het dit net gedoen omdat sy God liefgehad het. Sy het dit nie gedoen vir enige seën nie. Sy het dit net gedoen.

104 Nou, nou het Elía gesê: "Gaan vra haar, sal ek met die koning gaan praat vir haar? Ek's 'n persoonlike vriend. Of, die leërowerste, ek—ek ken hom baie goed. Daar 'n guns is, iets wat ek vir haar kan doen, ek wil vir haar iets gee vir hoe sy teenoor my was. Sy—sy het my gevoed. Sy het my in die beddens laat slaap. En—en sy was baie goed vir ons. Wat kan ek nou doen?"

Sy het gesê: "Nee, ek woon net onder my mense. Ons is—ons is welaf. Ons maak 'n lewe, en dis al. Ons het niks nodig nie."

En Gehasi het vir hom gesê: "Maar sy het geen kinders nie."

105 Net na Gehasi dit gesien het, het die profeet sonder twyfel 'n visioen gesien, want hy het gesê: "SO SPREEK DIE HERE. Gaan sê vir haar, op die geskikte tyd, of die regte tyd, 'n jaar van nou af, sal sy 'n seun omhels."

106 En die seun was gebore. Toe hy omtrent twaalf jaar oud was. . . Hoe daardie ou paartjie hierdie seuntjie moes liefgehad het, hulle enigste kind. En eendag was hy buite besig om koring te sny, saam met sy pappa. Moes omtrent die middel van die dag gewees het, hy het sonsteek gekry, reken ek, want hy het begin skree: "My kop." Hy het sieker en sieker geword. Sy pappa moes hom uit die veld uitbring, en dit was so 'n noodgeval daar, dat hy 'n dienskneg gestuur het, en hom ingestuur het.

107 Die moeder het hom vasgehou op haar skoot tot die middag toe, en hy het gesterf. Let op, haar enigste kind, wat vir haar gegee is deur die Here, deur die gebed en die belofte van 'n profeet en SO SPREEK DIE HERE. Sy het geweet daar's iewers iets verkeerd. Dit wou net nie werk nie. Hoe sou God vir haar daardie seun gee en haar—haar daardie baba laat liefhê? Tog het sy nooit daarvoor gevra nie. Sy was te oud om dit te kry. Die hand van God moes dit aankondig. 'n Man het dit gepreek, die profeet. En daar het hierdie baba in hierdie toestand, gesterf, haar enigste seun.

So sy het vir die dienskneg gesê: "Saal vir my 'n muil op, en ry, en moenie stop nie. As enigiemand jou probeer stop, moet jy nie 'n woord sê nie, en gaan reguit aan na die Berg Karmel. Daarbo iewers in 'n grot, agterin, is daar 'n dienaar van die Allerhoogste God; die een wat vir my gesê het, SO SPREEK DIE HERE, ek sal die baba kry. Ek wil weet hoekom God hierdie gedoen het." So hy het gesê. . . "Gaan net aan en moenie daardie muil inhou nie. Laat hom net so vinnig hardloop soos enigiets wat in hom is. Laat hom hardloop tot jy daar kom." Desperaatheid!

108 En Elía die profeet het opgestaan, gekyk, en gesê: "Hier kom daardie Sunamiet, en, sy, iets is verkeerd met haar. God het dit van my weerhou. Ek weet nie wat verkeerd is nie." Gesê: "Gaan, ontmoet haar. Ek het. . . Laat ons vinnig maak. Daar is iets verkeerd."

Die profeet het desperaat geraak, desperaat vir die vrou. Sien, hulle het bymekaar gekom; een wat wou weet wat die

Woord van die Here was, en die ander een wat nie geweet het wat die Woord van die Here was nie. Daar het julle dit. Een wat dit wou weet, en die ander een wat dit nie geweet het nie. Die vrou wou dit weet, en die profeet het dit nie geweet nie. Gesê: "God het dit van my weerhou. Ek weet nie wat om vir haar te sê wanneer sy hier kom nie."

So sy was toe al amper daar. Hy het sy hand opgesteek, hy het gesê: "Gaan dit goed met jou? Gaan dit goed met jou man? Gaan dit goed met die kind?"

109 Nou, die vrou het aan die einde van haar desperaatheid gekom. Sy het gesê: "Gaan goed!" Glorie! "Gaan goed!" Haar desperaatheid was verby. Sy het die dienaar van die Here gevind. As hy nie daar was nie, sou sy steeds in desperaatheid gewees het. Maar, julle sien, hy was daar. Sy het gesê: "Gaan goed!"

Elisa het gedink: "Wel, wat gaan nou aan?"

110 So sy hardloop nader en het voor sy voete neergeval. Dit het soort van ongewoon gelyk, so Gehasi het haar net opgetel. Gesê: "Los haar uit, moenie dit doen nie." Elisa het vir sy dienskneg gesê: "Moenie dit doen nie. Los haar uit. Daar is iets verkeerd. God weerhou dit van my." Toe het sy aan hom openbaar dat die baba dood was.

111 Nou, die profeet het nie geweet wat om te doen nie. Hy het gesê: "Gehasi, neem hierdie staf waarmee ek geloop het." Hy het geweet dat wat ook al hy aangeraak het, geseënd was, want dit was nie hy nie, dit was God in hom. Hy het geweet wie hy was. Hy het geweet dat hy 'n profeet was. So hy tel hierdie staf op en sê: "Gehasi, vat hierdie, en gaan lê dit op die kind. En as enigiemand met jou praat, raak desperaat. En jy moet niemand groet nie, en laat geen . . . Gaan net aan, moet met niemand praat nie. Sit dit op die kind."

112 Maar, die vrou, dit het nie haar desperaatheid beëindig nie. Dit het nie bevredig waarvoor sy gekom het nie. Sy het gesê: "So waar as die Here God leef, ek—ek gaan u nie verlaat tot u die kind gaan bedien nie."

113 En Elía het desperaat geraak. En hier het hy, in die pad af gegaan, hy en die vrou. En toe hulle daar gekom het, die . . . al die mense was buite op die erf, aan die skree en huil. En die vrou het die mees gepaste ding gedoen wat gedoen kon word. Sy het die baba geneem en hom op die bed neergelê waar Elía gelê het. Dit was so goed soos sy staf. En hy het nie daar wakker geword nie, so die ding sou nie werk nie. Sy wou iets anders weet.

114 Die profeet het ingegaan. Nou is hy in desperaatheid. Wat gaan hy nou doen? En ons vind uit in die Bybel dat hy heen-en-weer oor die vloer geloop het, desperaat. "Ek weet van niks anders om te doen nie, Here. Hier is ek. U het vir my gesê om dit vir daardie vrou te sê, en SO SPREEK DIE HERE. En dis presies soos wat ek vir haar gesê het, want U het vir my gesê. Nou, daar

is sy nou in die moeilikheid, en ek weet nie wat om te doen nie. Daar lê 'n dooie seun. Wat kan ek doen, Here?"

115 Sonder twyfel het die Heilige Gees gesê: "As die God in jou is, lê dan jouself op die baba." Voor jy jou kom kry, het hy gestop, gehardloop en sy hande op sy hande gesit, sy neus op sy neus, sy lippe op sy lippe. En toe hy homself daarop gelê het, het die baba sewe keer genies. Desperaatheid was verby.

Die baba het lewendig geword, omdat daardie desperaatheid die vrou na die profeet toe gedryf het, en desperaatheid die profeet na die baba toe gedryf het. En desperaatheid in albei van hulle het vir God op die toneel gedryf. Met liefde van God, en liefde vir Sy mense, het die liefde van God afgebring, en geloof uitgegooi op die slagveld, en die werk is gedoen. Saak afgehandel. Amen! Dis reg. Desperaatheid doen dit. Sekerlik! Sy sou nie weggaan nie.

116 Blinde Bartimeüs het gedink Jesus sou by hom verbygaan, terwyl hy daarbuite by die poort gesit het, blinde bedelaar, vir aalmoese. Voor jy jou kom kry, 'n geluid gehoor; Jesus het daar verbygegaan. Hy het gesê: "Wie gaan verby?" Iemand het hom omgestamp. Hy het gesê: "Asseblief, iemand, wie gaan verby?"

Een van hulle, wel, miskien 'n goedhartige dissipelvroutjie, het vir hom gesê, gesê: "Meneer, weet jy nie Wie hier verbygaan nie?"

"Nee. Ek hoor party van hulle sê: 'Daar's 'n hele begraafplaas vol dooie mense hierbo. As jy die dooies opwek, gaan wek hulle op.' Is dit 'n godslasteraar of iemand?"

"Nee. Het jy al ooit gehoor van daardie Profeet van Galilea, daardie jong Profeet genaamd Jesus van Nasaret?"

"Nee."

"Wel, jy weet, in die Bybel sê dit in ons boekrolle dat die Seun van Dawid opgerig sal word om daarop te sit. Dis Hy."

"Is dit Hy? Is dit Hy, en Hy gaan nou verby?"

Desperaatheid het hom gedryf om te skree: "O Jesus, U Seun van Dawid, wees my genadig!"

> Gaan my nie verby, O liewe Heiland,
> Hoor my sagte roep;
> Wyl U ander nou ook uitroep,
> Gaan my nie verby.

"O Jesus!"

Party van hulle het gesê: "Bly stil! Jy maak te veel geraas."

117 Maar hy was desperaat. As Hy verbygegaan het, mag hy dalk nooit weer 'n geleentheid kry nie. Ons mag dalk ook nie; hierdie mag die laaste aand wees. Desperaatheid! Hy het uitgeroep: "O Jesus!" Maak nie saak wie vir hom gesê het om op te hou nie, hy het net aanhou uitroep, al hoe harder. Toe hulle vir hom

gesê het om stil te bly, het dit hom harder laat roep. Hy was desperaat. Niemand kon hom stop nie. "U Seun van Dawid, wees my genadig!" En hy het uitgeroep in desperaatheid.

118 En die Seun van God, met die sondes van die wêreld op Sy skouers, op pad na Jerusalem om geoffer te word, net toe, as 'n offer vir die wêreld, het in Sy spore gestop. Desperaatheid, 'n desperate uitroep, het die Seun van God gestop. Gesê: "Wat wil jy hê moet Ek vir jou doen?" O!

Gesê: "Here, dat ek my sig mag ontvang."

Gesê: "Gaan op jou pad, jou geloof red jou."

Dit was genoeg. Desperaatheid! Wanneer desperaatheid is om iets te ontvang, die geringste aanrakinkie, gryp geloof dit. Sien? Hy het nie gesê: "Nou wag 'n bietjie, wag 'n bietjie, hou net 'n bietjie aan daar, laat ek sien of ek nou kan sien. Ek het vir baie jare nooit my hande gesien nie. Laat ek sien of ek dit kan sien. Ek sien nog niks," nie. Toe Jesus gesê het: "Jou geloof het jou gered," was dit genoeg. Dis al wat hy wou hê.

119 Desperaatheid roep uit na 'n bewys, en wanneer die bewys, maak nie saak hoe gering dit is nie, dit ontvang word, word dit net daar geglo, want geloof vestig wanneer desperaatheid dit aanspoor. Sien? Liefde daarbinne meng daarmee en bring dit daarnatoe. Desperaatheid doen dit.

Blinde Bartimeüs het vinnig die visioen aangegryp.

120 Petrus, hy was baie ontsteld, een nag op die see, toe hy in desperaatheid beland het. En hy het begin uitroep: "Daar is iets verkeerd. Ek sien 'n gees, wat na my toe aangeloop kom!" Die skip was gereed om te sink. Hy het gesê: "As dit U is, Here, vra my om na U toe te kom op die water." En hy het uit die skip uitgeklim en begin; en hy het bang geword toe hy begin het, en hy het begin sink, en desperaatheid . . . Al was dit 'n fout, om die opdragte van God te probeer volg, . . . Ek hoop die kerk begryp dit. Die man het gedoen wat God vir hom gesê het om te doen.

121 Nou, jou Christen vanaand, jy's op jou pos, om die leiding van die Heilige Gees te probeer volg; en 'n kanker het jou gegryp, of 'n—'n dood gryp jou, 'n kanker, tuberkulose, wat dit ook al is. Op jou pos, het jy dieselfde reg wat Petrus gehad het.

"Here, red my, of ek sal vergaan." In desperaatheid het hy uitgeroep, en 'n hand het uitgestrek en hom opgetel. Jy het dieselfde ding. Maar hy het uitgeroep: "Red my, Here!"

Hy het my noodkreet gehoor,
Uit die waters my gelig, na veiligheid. (Sien?)

122 Dis reg, wanneer jy uitroep!

123 Miskien het hierdie vrou, moeder, wat dit ook al van haar was, 'n klein seuntjie, of 'n kleinseun, of neef, wat dit ook al was, uitgeroep in nood. God het gehoor.

124 Toe vind ons uit dat, toe hy gesink het, God hom gehoor het. Op sy pos, het hy begin sink. Hy het gefaal. Maak nie saak of jy faal nie, dit het niks daarmee te doen nie. Ons faal almal. Ons is 'n mislukking, van die begin af. Maar ons het nou Iemand wat staan met 'n sterk hand, Wat ons kan bereik en ons bo die water kan uitlig.

125 As jy 'n fout gemaak het, 'n vrou 'n fout gemaak het, 'n man 'n fout gemaak het, 'n seun of meisie 'n fout gemaak het; moenie sink nie. Roep uit, in wanhoop: "Here, red my, of ek sal vergaan!" Raak desperaat daaroor. God sal jou hoor. Hy hoor altyd 'n desperate siel. Dis waarvan ek julle probeer vertel.

126 Ons dierbare Here Jesus, Self, in die wêreld se grootste slagveld, Getsémane, het Hy uitgeroep, in wanhoop. Moet Hy die sondes van die wêreld neem, of moet Hy net op aarde bly by Sy geliefde dissipels, wat Hy wou doen? Maar kyk na Sy nederigheid soos Hy Homself verneder het: "Nie My wil nie, maar U s'n geskied," Homself verneder voor die Woord, die beloofde Woord van die God van die Hemel.

Let op, toe, het Hy 'n bietjie verder gegaan. En as Hy 'n bietjie verder gegaan het, hoeveel te meer behoort ons 'n bietjie verder te gaan. Sien? En let op, die Skrif sê hier, in Lukas, dat Hy ernstig gebid het. Broer, suster, as Jesus ernstig moes bid, hoeveel te meer behoort ons ernstig te bid. As Christus, die God van die Hemel, wat vlees geword het, ernstig moes bid, hoeveel te meer moet ons, sondaars gered deur genade, dan ernstig bid! As—as die besluit die Seun van God wanhopig gemaak het, wat sal dit aan my en jou maak? Desperaat moet ons uitroep.

127 God het, in hierdie laaste dae, Homself so aan ons gemanifesteer, deur Sy groot tekens en krag, behoort ons desperaat te maak. Dis reg. En Hy's gewillig om ons te genees en ons te red, behoort ons almal tot desperaatheid te laat oorgaan om by daardie Genesingsteen te kom. Dis reg.

128 Kyk, as Florence Nightingale. . . Die agter-kleindogter van die oorlede Florence Nightingale wat die Rooikruis gestig het. Julle het al haar foto in 'n boek gesien, het omtrent dertig pond geweeg. Kanker het haar verteer. In Londen, Engeland; hulle het haar van Afrika af gebring, na Londen, Engeland. En daar in wanhoop. . . Broer Bosworth het teruggeskryf en vir haar gesê, gesê: "Ons kan nie na Afrika toe kom nie."

129 Sy het teruggeskryf, die verpleegster laat skryf en gesê: "Ek kan nie beweeg word nie. Ek kan dit nie doen nie."

Die foto gewys. Julle het die foto gesien. Ons moes net 'n stukkie daaroor sit. Dit het net 'n klein toutjie om gehad. Ek het gedink iemand het dit, dalk, in die boek gesit, mag kritiseer omdat sy was. . . haar liggaam so ontbloot was daar, daardie. . . en ons het 'n dingetjie oor haar gesit *hier*. Sy het net 'n—'n lappie gehad, handdoekie wat bo-oor gelê het, oor haar heupe.

Maar aan die bokant, was daar niks. En selfs. . . Maar ons het gedink ons sal 'n stukkie papier daarop sit en fotografeer die. . . dit fotografeer. Keer die mense wat nie die regte soort posisie in hulle gedagte het van denke, dat hulle my nie sal kritiseer om daardie foto in die koerant te sit nie.

130 En toe, toe die dokter gesê het dat sy nie beweeg kan word nie, en sy geweet het ek gaan Engeland besoek, het sy hulle haar op 'n draagbaar laat sit, en haar na 'n vliegtuig dra, en haar Londen, Engeland toe laat bring, en 'n wag buite na die vliegtuig toe gestuur voor sy afgekom het na Buckingham Paleis, 'n wag soontoe gestuur om te kom bid vir haar. En sy was so ver heen dat sy nie eers met my kon praat nie. Hulle moes haar hande oplig om dit in myne te sit.

131 Julle weet hoe Londen is, party van julle soldate wat al daar was. Dis altyd so mistig. En ek het daar gekniel langs 'n venster, en sy. . .

Die trane het afgeloop. Sy wou. . . Ek weet nie hoe sy selfs genoeg vog gehad het om trane te laat kom nie. Dis maar net bene, vel oor hulle; en haar—haar bene hierbo by die heupe wat nie meer as, vir my gelyk, soos omtrent twee duim breed, of drie duim nie. Haar are het platgeval. Hoe sy gelewe het, weet ek nie. Julle het haar foto later gesien.

132 Ek het langs die bed gekniel. Nou, sy was desperaat; of ek kon kom of nie, hulle gaan haar in elk geval bring. En ek het daar gekniel, my hart het binne-in my gebloei, vir die geloof van daardie arme, klein, sterwende skepseltjie, en ek het gebid met my hele hart wat ek gehad het. En terwyl ek begin bid het, het 'n tortelduifie op die venster kom land, en op-en-af begin loop, en gekoer. Ek het gedink dit was 'n troeteldier. Ek was nog nie 'n uur in Engeland nie, pas van die lughawe af gekom soontoe. En ek het gedink dit was 'n troeteldier. En toe ek opgestaan, en "Amen," gesê het, het dit weggevlieg.

En ek het die broers begin vra, het hulle daardie duif gehoor. En hulle het daarvan gepraat, en toe ek begin sê het: "Het julle gesien, wat daardie duif beteken. . ." Dit het uitgekom: "SO SPREEK DIE HERE, jy sal lewe en nie sterf nie."

En sy lewe vandag. Hoekom? Desperaatheid. Desperaatheid het die vrou gedwing om 'n standpunt in te neem, lewe of sterwe. Desperaatheid het dit so gereël dat sy daar aangekom het op dieselfde tyd as ek. En 'n teken van God, het Hy 'n duif gestuur, om SO SPREEK DIE HERE te gee. Desperaat!

133 Toe suster, ou Hattie Waldrop van Phoenix, Arizona, sy aangekom het op die sypaadjie, met my eerste byeenkoms. Die inwonende assistent en haar man het haar gebring; kanker van die hart. Sy het haar kleure gewys, deur daar na die byeenkoms te probeer kom, maar sy was so sleg, sy was. . . kon nie meer asem haal nie, die bloed het teruggeval deur haar hart waar die kanker

in haar hart ingevreet het. Nou, kanker in die hart! Dis omtrent agtien, negentien jaar gelede, miskien twintig, 1947 is wanneer dit was.

134 Nou, sy het vir haar man en die inwonende assistent gesê: "Al sterf ek in hierdie ry, vat my soontoe." Desperaatheid. Sy het haar bewussyn verloor. Ek dink nie sy was dood nie; sy het gesê sy was. Nou, sy mag gewees het. Sy mag hierdie bandopname hoor, julle sien. Nou ek—ek—ek . . . Sy, sy het gesê sy was dood; ek weet nie. Hulle het vir my gesê: "Daar's 'n dooie vrou wat in die ry opkom." En toe die vrou verbygekom het, was sy leweloos. En toe hulle haar daar opgebring het, het die Woord van die Here gekom; en ek het gegaan en hande op haar gelê, en sy het opgestaan en huis toe gegaan, te voet. Hierdie was omtrent, ek sou sê, met sekerheid, agtien jaar gelede, en sy is nog net so gesond en hartlik . . . Sy sal by Tucson wees om my te ontmoet wanneer ek daar kom. Desperaatheid: "Al sterf ek in die pad, steeds, maar kry my daaronder. Hy het ander genees, Hy sal my genees." Gewillig!

135 Laat ons harte gevul word met liefde in hierdie dag, en ernstig wees, en in desperaatheid. Naderhand mag dit te laat wees.

136 Jaïrus het eenkeer 'n dogtertjie gehad wat sterwend was. Hy was 'n grensgelowige. Hy het vir Jesus geglo, maar hy was bang om dit te bely, want hulle sou hom uit die sinagoge uitskop. Maar die dokter het een oggend gekom, en sê: "Sy's nou op sterwe." Desperaatheid het begin. Hy kon nie bekostig, in sy posisie, om betrap te word by Jesus van Nasaret nie, want hy sou sy posisie as 'n priester verloor.

Maar ek sê vir julle, toe die nood gekom het, het dit hom laat oorgaan tot desperaatheid. Ek kan hom sien soek na sy klein priesterbaadjie en hoed, en dit aanglip. Hier het hy afgekom deur die skare, deurgedruk; waar daar 'n vrou was wat pas Sy kleed aangeraak het, ensovoorts, en hulle het almal geskree. Maar hy het ingegaan en gesê: "Meester, my dogtertjie lê op sterwe. Meester, Meester, my dogtertjie lê op sterwe, en as U net U hande op haar sal kom lê, sal sy lewe." O, goeiste! Desperaatheid laat jou partymaal dinge sê, laat jou dinge doen. Dit laat jou optree. Sy dogter is gered deur die desperaatheid.

137 Laat ons desperaat raak, soos daardie vroutjie met die bloedvloeïng. Die Bybel het gesê sy het al haar geld spandeer, by die dokters, en tog kon hulle haar nie help nie. Sy het begin in die tyd van menopouse, om te vloei, en 'n bloedvloeïng, en dit wou nie ophou nie. Hulle het miskien die plaas, die muile, die perde, en wat dit ook al was, verkoop; en niks kon haar help nie. En hulle priesters het haar vertel om nooit met sulke mense soos daardie te meng nie. Maar een oggend het sy daar afgekyk. Sy het bo op die oewer gewoon, daarbo waar haar plaas was, en sy het

'n groot klomp mense sien saamdrom rondom 'n Man daaronder, en hulle het gesê: "Wat is dit?"

Gesê: "Dis Jesus van Nasaret." Desperaatheid het begin.

Sy het gesê: "Ek is soort van onbeduidend. Ek—ek. . . Maar as ek net die soom van Sy kleed kan aanraak, sal ek gesond gemaak word." En sy het elke kritikus en al die res verbygegaan. Maar toe het sy by die plek gekom, sy het Sy kleed aangeraak, in desperaatheid.

En toe Hy het, het Hy omgedraai en gesê: "Wie het My aangeraak?" En hulle het dit almal ontken. En Hy het omgekyk. Hy het 'n groot gawe van God gehad. Hy was God; en Hy het die vroutjie gevind en haar vertel haar bloedvloeïng het opgehou. Desperaatheid het haar gedryf om dit te doen.

138 Dit was desperaatheid wat die koninging van die Suide gedryf—gedryf het. Sy het gehoor dat die gawe van God deur Salomo gewerk het. Desperaatheid het haar soontoe gedryf.

139 Desperaat! Dis mense, soos jy, soos ek. Hulle was nie enigsins anders as ek en jy nie. Hulle het vyf sintuie gehad. Hulle het geëet, en gedrink, ensovoorts, soos ons maak, lewe en sterwe. Hulle was mense.

140 Dit het haar tot sulke desperaatheid gedryf tot sy deel van haar koninkryk saamgeneem het. Dit het haar gedryf tot 'n punt waar sy nie gedink het aan die Ismaeliete wat haar sou beroof in die woestyn, haar negentig dae op die rug van 'n kameel oor die Sahara Woestyn nie. Desperaatheid! Sy gaan, in elk geval. En toe sy daar gekom het, was daar niks van Salomo weerhou wat hy nie vir haar die dinge vertel het wat sy wou weet nie. Desperaatheid! Jesus het gesê: "Sy sal opstaan op die Oordeelsdag, saam met hierdie geslag, en dit veroordeel, want meer as Salomo is hier." Desperaatheid!

141 Ter afsluiting mag ek hierdie sê. Nie lank gelede nie, onder in Mexiko, het ek iets desperaat gesien. Ek het pas op die platvorm gekom, daar in 'n groot arena, en die mense was daarbinne van nege-uur daardie oggend af, en dit was amper tienuur daardie aand. 'n Ou blinde man, het die vorige aand, heeltemal blind vir omtrent dertig jaar, sy sig ontvang, en het in die stad rondgegaan daardie dag, en getuig. 'n Ou hoop klere, wat gelê het vir miskien dertig, veertig treë, *so* hoog, net ou tjalies. Daar was miskien veertig, vyftigduisend mense daar. En ou hoede en tjalies, aan wie hulle behoort het, ek reken hulle sou dit onder mekaar moes uitsorteer. En dit het gestortreën.

142 En hulle het my met 'n tou laat afsak, oor 'n muur, en ek het op die platvorm gekom. Die prediker. . . Die man wat hier sit, hulle het hom gebring. . . Hy en sy dogter het van Michigan af gekom 'n paar minute gelede, gepraat van Broer Arment. Ons onthou hom hier. Hy is in die strate van Heerlikheid vanaand. Broer Arment was daar, en het sy jas uitgetrek, en in die reën

gestaan, en dit vir Broer Jack Moore gegee om aan te trek, want Jack het gebewe. Die Suidlander het net amper gevries in daardie koue reën daar in Mexiko. En daar het hy daar gestaan.

143 En Billy Paul het na my toe gekom, my seun, en gesê: "Pappa, jy sal iets moet doen. Daar is 'n Mexikaanse vroutjie daaronder met 'n dooie babatjie wat vanoggend gesterf het. Ek het nie genoeg plekaanwysers om haar uit die ry uit te hou nie." As hande oplê vir die blinde man sy sig gegee het, sal hande oplê op haar dooie babatjie, vir hom sy lewe teruggee. Sy was 'n Katoliek. En, sy, hulle kon haar nie teëhou nie.

En Broer Espinoza-hulle het dit vir haar gesê: "Ons het nie nog gebedskaartjeis nie. Jy sal moet wag vir 'n ander aand."

144 Sy het gesê: "My baba is dood. Dit was dood van vanmôre af. Ek moet daar inkom." En sy het gekom, gebedskaartjie of nie. En hulle het omtrent driehonderd plekaanwysers daar in 'n ry laat staan. En sy sou reg onderdeur hulle bene gaan, en op hulle rûe spring, en hardloop met hierdie dooie babatjie, en tussen hulle neerval. Het geen verskil vir haar gemaak nie; sy wou daar kom. Sy was desperaat. God het met haar hart gepraat, dat: "Die God wat sig kon gee, kon lewe gee." O, goeiste! Sy was desperaat. Iets het in haar gebrand.

145 O, siek mense, as julle dit in julle sal laat brand vir 'n paar minute, en kyk wat gebeur, daardie soort desperaatheid. Die God was hierdie klein seuntjie nou die aand kon genees, daardie dame met kanker kon genees, hierdie man genees, en hierdie, Juffrou Florence Nightingale kon doen, o, die tiene van duisende! Hy, wat, onbetwisbare bewyse; wat die dooies opwek, en die siekes genees, en alles. As Hy God is, dit kan doen; Hy God is gister, is Hy God vandag. Raak desperaat, dan sal jy iets vermag.

146 Dan, in daardie desperaatheid, het sy aanhou hardloop. Ek het vir Broer Jack Moore gesê, ek het gesê: "Sy ken my nie. Sy het my nog nooit gesien nie. Sy weet nie wie dit hierbo op die platvorm is nie. Daardie Katolieke vroutjie, nou, kon nie 'n woord Engels praat nie, so hoe weet sy dan wie dit is?" Ek het gesê: "Gaan soontoe, en bid vir die babatjie, en dit sal haar tevrede stel, en sy sal aangaan." Gesê: "En dit sal nie veroorsaak . . ." Dit was net 'n konstante gedruis daaronder. Sy sou opspring, en almal sou skree. Sy sou reg bo-oor hulle skouers hardloop, en reg tussen hulle neerval. Sy sou 'n paar voet vorentoe gaan, en dan sou hulle haar probeer terugdruk; en hier het sy onderdeur hulle bene gekom, daardie baba vasgehou, plekaanwysers ontstel en alles. Het geen verskil gemaak nie, sy sou daarbo kom. Sy moes daar kom! Dit het geen verskil gemaak wat dit was nie, sy sou daar kom. Die prediker gehad . . .

147 Nou is dit nie net so 'n storie soos die Sunamitiese vrou nie? Net, dit was nie vyf-en-dertig honderd jaar gelede nie. Dit was omtrent drie jaar gelede, of vier. Sien?

Hulle kan dieselfde ding vanaand wees. Wanneer dieselfde desperaatheid opkom, sal dit liefde en geloof daar op die slagveld gooi, om op te eis wat jy wil hê, want dis 'n belofte van God dat jy dit kan kry. Dis presies reg.

148 Ek het omgedraai; ek, die prediker, of die evangelis by die plek. Ek het omgedraai. Ek het jammer gevoel vir die vrou, maar daar's geen desperaatheid nie. Sien? Ek het omgedraai en gedink: "Wel, Broer Jack sal vir haar bid, en dit—dit handel dit af." Ek het omgedraai. Ek het gesê: "Soos ek nou gesê het, geloof . . . "

En ek het daar uitgekyk, en daar was 'n visioen. Ek het 'n klein babatjie daar sien sit, 'n klein Mexikaanse babatjie met geen tande nie. Dit het vir my gelag, daarbuite gesit. Ek het gesê: "Wag 'n bietjie. Wag 'n bietjie." Haar desperaatheid het die Heilige Gees gedwing om my onderwerp te verander, my oë te verander en vir my haar babatjie te wys wat daar gesit het. Dit het die Heilige Gees teruggestuur. Ek het gesê: "Wag 'n bietjie. Wag 'n bietjie. Bring vir my die babatjie."

Hier kom sy met 'n klein, nat, deurdrenkte, blou en wit kombersie, 'n klein, dooie vormpie omtrent *so* lank. Sy het geval, met 'n kruis in haar hand, of 'n rosekrans, om hierdie "ave Maria's" te sê. Ek het vir haar gesê: "Sit dit weg, dis nie nodig nie."

En sy het opgekom na waar ek was, en sy het geskree en gegil: "Padre," wat beteken: "Vader."

Ek het gesê: "Moenie dit sê nie. Moenie dit sê nie. Glo jy?" En hy het dit vir haar in Spaans gesê, het sy dit geglo.

"Ja," sy het geglo. Hy het vir haar gevra hoe sy geglo het. Sy het gesê: "As God vir daardie ou man sy sig kan gee, kan hy vir my babatjie die lewe gee." Amen. Desperaatheid het haar soontoe gedryf. Nie 'n ding aan my kant nie; ek het net die visioen gesien.

Ek het gesê: "Here Jesus, ek het 'n visioen van 'n babatjie gesien, dit mag hierdie een wees."

Omtrent daardie tyd het hy sy voete geskop, gemaak: "Wha! Wha! Wha!"

Ek het gesê: "Volg haar na die dokter toe. Kry 'n geskrewe verklaring van die dokter: 'Daardie babatjie het gesterf.'" En dit . . . die dokter het die verklaring uitgeskryf: "Daardie babatjie se respirasie, hart het vanoggend gestop, in my kantoor om negeuur, gesterf van dubbele longontsteking." O, die babatjie lewe in Mexiko vanaand, sover ek weet. Hoekom? Die desperaatheid het in 'n moedertjie se hart posgevat, wat uitgeroep het vir haar kind, wat vir God sien doen het . . . 'n blinde man se oë genees het, en geweet het Hy kan die dooie babatjie opwek.

149 Desperaatheid! "As jy My sal soek met jou hele hart, dan sal Ek jou hoor." Sien?

150 Die Koninkryk! "Die wet en die profete was tot op Johannes. Van toe af, is die Koninkryk van die Hemel verkondig, en die mense dring Daarin met geweld." Jy staan nie net rond en sê: "Tel my aan die kraag op, Here, druk my in," nie. Jy dring Daarin met geweld. Jy raak desperaat, tussen Lewe en dood.

151 Wens ek het tyd gehad vir nog 'n storie, waaraan ek nou net gedink het, van 'n vrou, meisie, wat 'n verkeerde pad gekies het, en hoe sy nuwe blaadjies omgeslaan het en dinge, tot ek gesê het: "Suster . . . "

Sy het opgestaan en gesê: "Ek—ek glo ek sal reg wees."

Ek het gesê: "Nee, nee! Bly daar."

En toe, voor jy jou kom kry, het sy 'n bietjie begin bid, en dadelik het sy harder en harder geword. Naderhand het sy desperaat geraak, gesê: "O God, red my!"

152 Alkoholiste Anoniem kon dit nie genees nie. Niks anders kon dit doen nie. Maar daardie groot, swart oë het na my gekyk, en die trane wat teen haar wange afgeloop het; sy het gesê: "Iets het gebeur." O, ja! Ja, meneer! Iets het gebeur. Sy het desperaat geraak.

153 Kom ons raak desperaat hieroor; tussen Lewe en dood.

154 As jy nie desperaat kan raak nie, moenie hierdeur kom nie. As jy desperaat is, kom hier en kyk, jy—jy sal dit kry net sodra jy hier kom.

155 Kom ons bid. Soek in desperaatheid na die Koninkryk van God, Dit sal op jou kom.

156 Ons Hemelse Vader, ek bid U in Jesus' Naam, wees ons genadig, Here. En begin 'n desperaatheid in ons. O Here God, wees ons genadig, bid ek, en laat die mense na U soek vanaand met desperate harte. Ons weet U is hier, Here. U is dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid.

157 En mag hierdie mense nou wat die Teken het, dat hulle oorgegaan het uit die dood in die Lewe, hulle verander het van die ou wêreldse lewe na 'n nuwe. Hulle het. Die Bloed is aangewend; en, God, gee vir hulle 'n Teken bewys. Mag hulle daardie Teken in hulle hande neem, hulle wat siek is, sê: "Ek is 'n gekoopte produk van God. Ek is in Christus, en in Hom is daar geen siekte nie. Ek is in Christus, en in Hom is daar geen sonde nie. Ek is in Christus, en in Hom is daar geen ongeloof nie. Ek verwerp alles wat die duiwel vir my vertel het. Ek neem my Teken wat my . . . 'Ter wille van my oortredinge is Hy deurboor; ter wille van my ongeregtighede is Hy verbrysel; die straf wat vir my die vrede aanbring, was op Hom; en deur Sy wonde het daar vir my genesing gekom.' Ek het nou die Teken, dat God my herken het, daardie doel, Persoon, gekoop deur die Bloed van die Here Jesus. En ek het die Teken van Sy dood in my hande, omdat Hy weer opgestaan het, en ek is Syne en Hy is myne. Ek gaan vasbeslote

met geloof, dat ek van hierdie aand af, vir God glo, en ek genees sal word wanneer ek daar kom en die vereistes nakom."

Want, die laaste Woorde wat van Sy lippe geval het, was hierdie: "As hulle hande op die siekes lê, sal hulle gesond word." Skenk dit, Here. Mag daar 'n desperaatheid kom, want ek vra dit, in Jesus' Naam. Amen.

Ek kan, ek sal, ek glo wel;
Ek kan, ek sal, ek glo wel;
Ek kan, ek sal, ek glo dit wel
Dat Jesus my nou genees.

O, ek kan, ek sal, ek glo dit wel;
Ek kan, ek sal, ek glo dit wel;

Dink net: "Ek's vasbeslote!"

Ek kan, ek sal, ek glo dit wel
Dat Jesus my nou genees.

158 Glo julle dit? "Ek's vasbeslote! Ek's vasbeslote, deur God se genade, dat ek nooit sal ophou tot daardie Iets my tref nie. Ek ek gaan op soontoe sodat daar hande op my gelê kan word."

Nou, God het ons nog nooit gefaal nie. En ek glo die groot Geneesheer is nou naby. Ek glo die God wat die Woord geskryf het, ek glo die God wat die offerhande gemaak het, ek glo die Teken van die God wat ons reinig van sonde vanaand, die Teken, Sy Eie Lewe, is hier by ons. "Ek sal met julle wees, selfs tot aan die einde van die wêreld. 'n Klein tydjie en die wêreld sien my nie meer nie, tog sal julle My sien, want Ek sal met julle wees, selfs in julle, tot aan die einde van die wêreld." Glo julle dit? Ek vertrou op Hom. Ek glo dat Hy dit sal doen. En julle?

159 Nou, sodra ek dit begin, sien ek visioene verskyn, amen, groot visioene van die Here, wat groot dinge spreek. Amen! As ek dit begin, sal ons heelnag hier wees. Gaan dit glo? Glo julle? Amen! Ek glo dit met my hele hart.

160 Die dametjie wat daarbuite langs broer Palmer sit, sy is 'n vreemdeling vir my. Sy is van Georgia, en sy ly aan 'n vroueprobleem. As sy sal glo dat God haar sal genees, sal Hy dit doen. Ek het nog nooit in my lewe die vrou gesien nie, maar dis wat sy makeer.

161 Daardie klein vroutjie, ek weet nie of sy al ooit voorheen die Boodskap gehoor het, of nie, maar terwyl ek hier gepreek het, het ek haar gesien. Glo jy dit net ek kyk of dit reg is. Amen. As jy net sal glo! Dis reg.

162 Die dame wat net hieragter sit met rugprobleme, wat erg ly, haar naam is Mev. Wisdom. As jy met jou hele hart sal glo, sal Jesus Christus jou gesond maak. Ek het nog nooit in my lewe die vrou gesien nie, maar sy sit daar, en ly. Sy het 'n geel rok aan. Is dit reg? Goed. Is ons vreemdelinge vir mekaar? Ja. Goed,

meneer. Gaan maar huis toe, word gesond. Jesus Christus maak jou gesond. Amen.

163 'n Ander vrou wat dit so pas gesnap het, rugprobleem, wat hier oorkant sit. Sy het rugprobleme. Sy het 'n seun, en hy het probleme met sy kop. Uh-huh. Dis reg. Mev. Parker is haar naam. Glo net met jou hele hart, en Jesus Christus sal julle albei genees. Amen! Julle is vreemdelinge vir my. Dis presies reg. Amen! Glo met jou hele hart.

164 Hier is 'n bejaarde man van Michigan wat hieragter sit. Hy het probleme met sy ore. O, hy dink stemme, geestelike probleme. Is dit reg? Jy glo dat—dat. . .Jy weet nie of dit God is, of wat dit is wat met jou praat nie. Jy hoor geluide in jou ore. Ek's 'n totale vreemdeling vir jou. As dit reg is, steek jou hande op, en dit so gebeur. Dit sal jou nooit weer pla nie, Jesus Christus maak jou gesond.

Glo jy die groot Geneesheer?

165 Ek kan met jou gepraat het, maar, van Noorweë, en jy verstaan nie; Noorweegse taal. Uh-huh. Goed, sê vir hom om huis toe te gaan, gelowig, suster, as jy weet hoe om dit te sê. Sê vir hom die probleme met sy kop sal hom verlaat. Nou, jy weet ek ken hom nie. Hy het hiernatoe gekom van Noorweë af, om voor gebid te word. Gaan terug, 'n gesonde man. Amen.

166 O! "Jesus Christus dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid!" Wat is dit? Dis daardie Vuurkolom. Dis die Heilige Gees. Dis daardie Teken, dat Jesus Christus lewe. En toe mense, lank gelede, Hom daardie dinge sien doen het, het Hy hulle gedagte onderskei omdat Hy die Woord is. "En die Woord is skerper as 'n twee-snydende swaard, en 'n onderskeier van die gedagtes en oorlegginge van hulle hart." Amen.

167 Ek sien water spat en hierdie jong seun kom. Hy het gehoor, en 'n boek daar oorkant gelees, en geskryf, in Noorweegs. Hy het begin verstaan; iemand het met hom gepraat. Hy het probleme, maar, as hy sal glo met sy hele hart, gaan die Here Jesus hom gesond maak. Hy het 'n ver pad gekom, en 'n arm kind, daarby, om te probeer indring. En ons sal hande op hom lê, binnekort.

168 Glo julle? Amen! Hoe wonderlik! O, goeiste! "Die groot Geneesheer is nou naby." Suster, waar is daardie Suster Ungren, en daardie ander suster by die klavier? Ek wil hê julle moet gou kom, as julle sal, en vir ons 'n lied gee: "Daardie groot Geneesheer is nou naby, die simpatieke Jesus."

169 Ek wil hê dat die mense wat langs hierdie paadjie *hier* is, wat gebed verlang, net asseblief sal afkom aan *hierdie* kant hier, net een paadjie op 'n slag. Broer Neville, doen jy dit as jy sal. Waar is Broer Capps of een van daardie sangleiers? Wat van Broer Ungren, of Broer Capps, of iemand, hiernatoe kom, sal sing, ons in hierdie lied lei as jy sal. Is Broer. . .Waar is een van daardie broers? Goed. Goed, meneer, dis goed. Goed. Almal in gebed!

170 Onthou, desperaatheid! Sien wat desperaatheid sal doen? Desperaatheid sal jou oor die see dryf. Desperaatheid sal jou uit 'n ander staat dryf. Desperaatheid sal jou na enige plek toe dryf. 'n Dierbare ou vader en sy dogter, in desperaatheid, het probeer ingaan, inkom, op alle maniere, en in elk geval gaan sit; 'n paar oomblikke gelede het die Heilige Gees die ding gegee hier in die diens, net voor ek hier ingekom het. O!

Die soetste lied ooit gesing,
Jesus, dierb're Jesus.

Die groot Geneesheer is nou naby,
Die simpatieke . . .

Here Jesus, gee, hoor die gebed van U dienskneg, Here. Ek bid dat U elkeen van hulle sal ontmoet en hulle sal genees, tot U Eer, in Jesus' Naam.

. . . die stem van Jesus.

Soetste noot in sérafslied,
Soetste Naam ooit aangebied,
O, soetse lied al ooit gesing.

Laat hulle wat nou desperaat is, wat regtig weet dat julle genees gaan word . . . Dink net, sover ek weet, het eenhonderd persent, van verlede Sondagaand af, gesond geword hierdie week.

Die simpatieke . . .

171 Kyk, Hy kom. Sien, Hy het julle alreeds genees. Hy bring Sy Woord, Hy bevestig dit, Hy wys Sy Teenwoordigheid. Niemand kan daardie dinge doen behalwe God nie. Julle weet dit. Dis die teken van die Messias. En julle weet ek's geen Messias nie, so dis Hy. Nou hier het Hy alles aan julle bewys.

Nou behoort dit julle te laat oorgaan tot desperaatheid. Dit behoort hierdie plek te elekrifiseer en aan te raak 'n . . . Nee, net te wees soos 'n—'n—'n—'n vuurhoutjie by 'n kruitvat. Beslis! En dit behoort die geloof te laat ontplof, en—en liefde en desperaatheid daardie mense reguit in die Koninkryk van God in te dryf, om met hulle hele hart te glo. Glo julle nou, elkeen van julle? Goed. Nou, Billy, kry jy die . . .

172 Tony, kyk 'n oomblik hier na my toe. Ek het jou in 'n lang tyd nie gesien nie, maar jy's siek. Jy ly aan iets soos 'n disenterie. Dis reg. Dit gaan ophou. Dit gaan jou verlaat. Ek het daardie ding hom sien volg, soos hy begin het om daardeur te gaan. Daar is nie nou 'n ding wat van God verberg kan word nie. Ek het nog nooit gesien . . . Ek het Tony vir maande nie gesien nie, reken ek, maar ek sien hy het dit. Hy het dit gehad; hy het nie nou nie.

173 Kom ons buig ons hoofde. Nie een oog moet oop wees nie. Nie een oog moet kyk nie. Laat ons almal in gebed wees. En Billy Paul of Broer Neville, een, sal die volgende rye roep wanneer dit tyd word. Almal nou in gebed. Ons gaan nou probeer; die

middelpaadjie sal kom na julle linkerkant wanneer julle geroep word, en so sal die—die linkerkantpaadjie *hier* oorkant kom na julle linkerkant wanneer julle geroep word. Broer Neville sal julle roep.

Nou, wonder of daar enige van die broers hier is wat hier wil staan en hande lê op hierdie mense soos hulle verbykom, saam met my? Enige van julle predikerbroers, julle is beslis welkom om te kom en saam met my te staan as julle dit wil doen. Dis nie 'n geïsoleerde ding nie. Julle het net soveel reg om te bid vir die siekes as ek.

Ek weet die Heilige Gees is hier. Enigiemand wat dit nie sal glo nie, daar is iets verkeerd met hulle.

174 Goed, kom ons glo nou met ons hele harte, dat God hierdie dinge wat ons vra, sal skenk. Hê nou geloof. Moenie twyfel nie.

En bid almal, vir mekaar. Wat het die Bybel gesê? "Bely ons foute teenoor mekaar; bid vir mekaar . . . "

175 En julle mense wat in die ry kom, sodra hierdie hande julle aanraak, gaan julle reguit hier uit net so gelukkig en prys God dat julle genees is.

Goed, almal nou in gebed terwyl Broer Capps die sang lei.

Here Jesus, help ons nou. Ek bid, deur Jesus Christus' Naam, dat die Heilige Gees elke persoon sal aanraak, en mag hulle genees word soos ons U opdragte volg vir hande op die siekes lê. U het gesê: "Hulle sal gesond word." Ons glo dit, Vader, in Jesus' Naam. Amen.

Goed, almal nou in gebed soos ons begin bid. Eerste, is 'n klein siek seuntjie in 'n rolstoel.

Lê hande op die kind, in die Naam van Jesus Christus, dat hy sal genees sal word.

Ja, meneer.

In die Naam van Jesus Christus . . . [Die gebedsry duur vir agtien minute, Broer Branham se woorde is nie uitkenbaar nie—Red.] . . . ? . . .

Die soetse lied al ooit gesing,
Jesus, dierb're Jesus.

176 Hoeveel van julle glo dat God het, julle is seker in julle hart, met 'n verseëlde versekering, dat God julle versoek beantwoord het omdat julle Sy Woord gehoorsaam het? Dis gedaan. Dis volbring. Dis—dis gedaan. Glo Hom met julle hele hart, dat dit 'n volbragte werk is.

177 Hou nou hierdie week dop, en wanneer julle weer terugkom, kyk wat gebeur het.

178 Ek neem aan, teen die volgende keer wat ek terugkom, as die Here wil, sal ek die gebedsry deur een van hierdie kamers laat

loop, in daardie kamertjie in waarnatoe ek hulle moet inneem, julle sien. Ek glo dit ontvou nou, julle sien, die uur.

179 Ek wil kom tot waar ek die mense een op 'n slag kan bring, individueel met hulle kan werk, tot ek dit soek en dit vind, en dan voortgaan soos daardie, tot ek reg by hulle bly op daardie tyd.

180 God seën julle almal. Ons is bly julle was hier. Het julle. . .? Volhard julle nou? Is julle. . .? Is julle in desperaatheid, julle desperaatheid wat julle vir julle genesing gehad het? Het dit nou alles opgehou, in 'n liefde en geloof en vertroue dat God sal doen wat Hy belowe het om te doen? God sal doen.

Van daardie kindertjies, daar is twee of drie van hulle hier vanaand, in rolstoele, ek. . . Ons sal vir hulle glo, hulle is kinders, dat hulle ook genees gaan word. Hulle gaan gesond wees. Glo julle dit nie? Amen! "Hulle sal gesond word." Hulle moet dit doen. God het so gesê. En ons is desperaat, en gaan dit nou glo, dat dit gedoen sal word.

181 Nou, ons dienste behels net een ding na die ander. Nou gaan ons die gehoor verdaag vir diegene wat moet gaan. En as ek reg sien, is dit omtrent agt minute voor tien. En, as julle moet gaan, was ons—ons bly julle was hier, en ons wil hê julle moet terugkom en by ons wees. Die res van julle, na ons staan, sal weer sit; en diegene wat gaan, gaan net so stil as moontlik. En dan gaan ons die nagmaaldiens hê onmiddellik daarna. Julle word genooi om te bly as julle kan. As julle nie kan nie, God seën julle. Bid vir my. Ek sal vir julle bid. En, onthou, hou die Teken aangewend, en wees desperaat om in die Koninkryk van God in te dwing met geweld. Amen!

Nou gaan ons ons verdagingslied sing, as ons kan, en: *Neem Die Naam Van Jesus Met Jou*, terwyl ons staan.

. . . Naam van Jesus met jou,
Kind van droefheid en van wee;
Dit bring troos en vreugde. . . (Julle kan hulle nou bring.)
. . . Dit oral met jou mee.

Dier'bre Naam, (Dierb're Naam!) O hoe soet! (O hoe soet!)
Aardse hoop en Hemelvreugd;
Dierb're Naam, O hoe soet! (Hoe soet!)
Aardse hoop en Hemelvreugd.

Skud mekaar se hand, sê: "Die Here seën jou, my pelgrimbroer, suster." Diep, opreg, eerbiedig, en Christenvriende in bande van gemeenskap, skud mekaar se hande, broer en suster. God seën julle almal, saam. Wonderlik!

Ek het Hom lief, ek het Hom lief
Omdat Hy my eerste liefgehad het
En my verlossing gekoop het
Op Gólgota's boom.

Weer ontmoet! weer ontmoet!
Weer ontmoet aan Jesus' voet; (weer ontmoet!)
Weer ontmoet! O, weer ontmoet!
God sy met jou tot ons weer ontmoet.

Weer ontmoet! weer ontmoet!
Weer ontmoet aan Jesus' voet; (weer ontmoet!)
Weer ontmoet! weer ontmoet!
God sy met jou tot ons weer ontmoet.

182 Hierdie soetheid en gemeenskap van die groot Teken van God, die Heilige Gees, mag Hy ryklik by julle bly tot ons weer ontmoet. God se genade gaan met julle, verslaan die dood se weë voor julle; om julle pad skoon te hou, sodat julle altyd vir Jesus voor julle aangesig kan sien, en julle nie beweeg sal word nie.

183 Hemelse Vader, ons vertrou hierdie diens, en die diens vanmôre, daardie dienste wat gedoen is, en al die eer toe aan U, en bedank en loof U vir die redding van die mense, en vir die genesing van die mense, en omdat U vir ons U groot genade gegee het wat ons almal verlang. Red ons. Hoe ons U dank hiervoor. Wees nou met ons tot ons weer ontmoet. Ontmoet ons in die nagmaal. Wees agter die wiel van hulle wat bestuur, Here, na hulle huise toe. Lei hulle deur hierdie roekelose vakansies, dat hulle geen skade of gevaar sal oorkom nie. In die Naam van Jesus Christus vra ons dit. Amen.

Goed: *Neem Die Naam Van Jesus Met Jou,* weer.

Neem . . . Naam van Jesus . . .

Julle is nou verdaag, in die Naam.

. . . met jou,
As 'n skild teen elke strik;
As versoekings om jou . . . (Wat doen jy dan?)
Fluister net daardie Heilige Naam in gebed.

Dierb're Naam, (Dierb're Naam!) O hoe soet! (O hoe soet!)
Aardse hoop en Hemelvreugd;
Dierb're Naam, (Dierb're Naam!) O hoe soet! (Hoe soet!)
Aardse hoop en Hemelvreugd.

Voor die Naam van Jesus neerbuig,
Aan Sy voete val ek neer,
Koning van konings sal ons Hom in die Hemel kroon,
As ons reis voltooi is hier.

Dierb're Naam, O hoe soet!
Aardse hoop en Hemelvreugd;
Dierb're Naam, O hoe soet! (Hoe soet!)
Aardse hoop en Hemelvreugd.

184 Nou net voor julle gaan sit, terwyl die skare nou stil raak vir die nagmaaldiens.

As ek my nie misgis nie, is hierdie nie Broer Blair, die prediker wat ek oorkant in Arkansas ontmoet het nie lank gelede nie? Ek het gedink dit was. Ek was nie seker nie. Jy het hierbo gehad vir die toewyding van 'n kind, 'n kleinding, vanmôre. Ek het gedink . . . Het ek jou nie hier nie lank gelede nie, by Hot Springs, Arkansas ontmoet nie? By jou was 'n . . . Iets was gereed om te gebeur, en die Heilige Gees het dit uitgeroep. Was dit reg? Goed. Ek net . . . Ek het net toe teruggedink, ek het gedink: "Dis daardie broer." Ek's so bly jy's hier, Broer Blair.

185 Nou gaan ek vir Broer Blair vra of hy nou tot God sal bid om ons nou te reinig vir die nagmaal wat gereed is om plaas te vind. Sal jy, Broer Blair? [Broer Richard Blair bid—Red.] Ja. Ja, Here. Skenk dit, Here. Ja, Here. Ja, Here. Ja, Here. Ja. Ja. Amen.

Julle mag nou maar sit, elkeen.

186 En nou op die orrel, suster, as julle almal net sal speel *Daar Is 'n Fontein Gevul Met Bloed*. En julle kan begin met julle . . . hulle soontoe neem, wat ook al nodig is. Goed, die voorlesing nou, as ons net sal wees . . . net sal stil word net vir 'n oomblik.

Ja, suster? ['n Suster sê: "My sakdoek kry?"—Red.] Goed, suster, kyk jy net hierdeur tot jy dit kry, dan sal dit net reg wees, wat dit ook al daar is. Dis dit? Goed, suster.

187 Goed, nou sal Broer Neville die orde van die nagmaal lees.

En dan sal die plekaanwysers kom, as daar vreemdelinge hier is, na elke sitplek, en paadjie vir paadjie inbring, soos ons kom, en ry vir ry, vir die nagmaal.

188 En nou mag julle nou mediteer. Onthou, Israel het dit geëet in desperaatheid, en deur die reis was daar nie 'n swakke onder hulle, aan die einde van veertig jaar nie. Hierdie is Goddelike genesing, ook.

Here seën jou, Broer Neville. [Broer Neville lees Eerste Korinthiërs 11:23-32—Red.]

> [*Want ek het van die Here ontvang wat ek ook aan julle oorgelewer het, Dat die Here Jesus in die nag waarin Hy verraai is, brood geneem het:*]
>
> [*En nadat hy gedank het, breek hy dit en sê, Neem, eet: dit is my liggaam wat vir julle gebreek word: doen dit tot my gedagtenis.*]

[*Net so ook die beker ná die ete, met die woorde, Hierdie beker is die nuwe testament in my bloed: doen dit, so dikwels as julle daaruit drink, tot my gedagtenis*.]

[*Want so dikwels as julle hierdie brood eet en hierdie beker drink, verkondig julle die dood van die Here totdat Hy kom*.]

[*Wie dan op onwaardige wyse hierdie brood eet of die beker van die Here drink, sal skuldig wees aan die liggaam en bloed van die Here*.]

[*Maar die mens moet homself beproef en só van die brood eet en uit die beker drink*.]

[*Want wie op onwaardige wyse eet en drink, eet en drink 'n oordeel oor homself, terwyl hy die liggaam van Christus nie onderskei nie*.]

[*Daarom is daar onder julle baie swakkes en sieklikes, en 'n aantal het ontslaap*.]

[*Want as ons onsself beoordeel het, sou ons nie geoordeel word nie.]*

[*Maar as ons geoordeel word, word ons deur die Here getugtig, sodat ons nie saam met die wêreld veroordeel mag word nie*.]

[Die Here seën die voorlesing, die Woord.]

189 Ek hou kosjerbrood vas, gerimpel en gebreek, wat die liggaam van Jesus Christus voorstel; deur—deur hierdie geskeurde sluier het ons toegang tot die Allerheiligste.

190 Ons Hemelse Vader, hierdie brood is voorberei om daardie gebreekte en verskeurde liggaam voor te stel. Mag elkeen van ons, soos ons dit ontvang, mag dit wees asof ons letterlik hierdie daad gepleeg het. En mag ons die vergifnis van ons sondes hê, en die toegang tot die Allerheiligste, om te lewe in U Teenwoordigehid in ons toekomstige lewe; en al die dae wat ons hier op die aarde sal lewe, en vir ewig in die Ewigheid by U wees. Skenk dit, Vader. Seën hierdie brood vir daardie bepaalde doel. in Jesus' Naam. Amen.

191 Die Bybel het gesê: "Na Hy die brood geneem en dit gebreek het, het Hy ook net so die beker geneem; en toe Hy geëet het, gesê: 'Dit is die beker van die Nuwe Testament in My Bloed, wat gestort is vir julle.'" Mag die Here Sy seëninge gee op hierdie terwyl ons bid.

192 Here Jesus, ek hou hier die bloed van die wynstok vas, die sap van die druif. En, Vader, dit verteenwoordig daardie kosbare Bloed wat ons reinig, dat die Teken Daaruit gekom het. Ek dank U Daarvoor, Vader, en vir hierdie simbool. U het gesê: "Hy wat Hierdie eet en drink, het die Ewige Lewe, en Ek sal hom weer oprig in die eindtyd." Ons dank U vir hierdie belofte. En, Vader,

ons bid dat U ons harte sal reinig, saam, dat ons waardig sal wees deur die . . . ons geloof; in die wete dat ons nie in onsself waardig is nie, maar ons geloof nie sal faal nie, dat ons die Bloed van Jesus Christus volkome aanvaar. Gee dit, Vader.

193 En reinig die wyn vir die bepaalde doel. Mag wie ook al hierdie wyn drink vanaand, en van hierdie brood neem, krag hê vir die reis wat voorlê. Skenk dit, Here. Mag hulle gesond en sterk wees, en gevul met U Gees, tot Jesus kom. Amen.

194 [Leë kol op band—Red.] Ek glo dat Nagmaal een van die ernstigste, heiligste, soetste aanbiddings is wat daar in die kerkdiens is. Daar is twee dinge vir ons agtergelaat, drie dinge, om te doen, wat—wat opdragte en ordinansies is. Soveel mense probeer sê: "Ons het 'n oorspronklike spyker." "Ons het 'n stuk van die kruis." Maar daar is drie dinge agtergelaat: Here se Nagmaal, Doop, Voetewas, was die drie opdragte wat vir die kerk agtergelaat is.

195 En vir my, blyk vanaand 'n baie spesiale tyd vir my te wees. Soos ek hier gestaan en net gekyk het; ek—ek is gewoonlik die heeltyd in gebed. Maar vanaand, die verskillende families dopgehou, om te sien party van daardie families het hiernatoe gekom vandat ek 'n predikerseun was, hier gestaan het met saagselvloere, en ek . . . party van hulle is nuut. Maar om die mans te sien kom met hulle vroutjies en familie, en sien hoe hulle mekaar voorgaan in eerbetoning, en die gewydheid daarvan, hoe hulle hulle kinders dophou; die vroutjie sien en haar hande wat uitreik, en dink: "Daardie handjie het gewas, en die trane uit die babatjie se oë gevee."

196 Toe het ek die families sien opkom wat ek in hulle huise was toe hulle siek was, en die koors, kinders; die Here Jesus hulle kinders gesond gemaak het. Ek het hulle gesien toe hulle familieprobleme gehad het, die Here my gehelp het om dit uitgestryk te kry; hulle weer gelukkig te sien. En ek dink net hoe dit sal wees wanneer ons na daardie groot Bruilofsmaal toe gaan. Ek's so dankbaar dat die Here my toegelaat het om julle vriend te wees en julle te help. Ek . . . dis waarvoor ek hier is.

197 En ek, dink net hoe lank, hoeveel jare; hierdie is omtrent, ek het, omtrent 1930, begin preek, en hierdie is omtrent twee-en-dertig jaar vir my, nou, drie-en-dertig jaar, wat ek al preek. Dan, al die stryd en beproewings en, lyk asof, egter, wanneer—wanneer ons hier opkom, dit—dit alles vergete is. Sien? Jy—jy net lyk asof daar iets aan Nagmaal is wat net al—al die kinkels uit die dinge haal, deur die Nagmaal te neem. Here seën jou.

198 Die ouderling gaan nou, die Skrif lees vir die voetewas-diens.

199 [Broer Neville lees Johannes 13:2-17, en sluit die diens—Red.]

[*En gedurende die maaltyd, die duiwel het dit al in die hart van Judas Iskáriot, die seun van Simon, ingegee om hom te verraai;*]

[*het Jesus, omdat hy wis dat die Vader alles in sy hande gegee het, en dat hy van God uitgegaan het en na God heengegaan het;*]

[*van die maaltyd opgestaan, en sy bo-klere uitgetrek; en 'n doek geneem, en dit om hom vasgemaak.*]

[*Daarna het hy water in 'n bak gegooi, en die voete van die dissipels begin was, en afdroog met die doek wat hy omgehad het.*]

[*Hy kom toe by Simon Petrus: en Petrus sê vir hom, Here, gaan u my voete was?*]

[*Jesus antwoord en sê vir hom, Wat Ek doen, begryp jy nie nou nie; maar jy sal dit hierna verstaan.*]

[*Petrus sê vir hom, U sal my voete in der ewigheid nie was nie. Jesus antwoord hom, As Ek jou nie was nie, het jy geen deel aan my nie.*]

[*Simon Petrus sê vir hom, Here, nie net my voete nie, maar ook die hande en die hoof.*]

[*Jesus sê vir hom, Hy wat gewas is, het niks anders nodig as om die voete te was nie, maar is heeltemal rein: en julle is rein, maar nie almal nie.*]

[*Want hy het geweet wie hom sou verraai; daarom het hy gesê, Julle is nie almal rein nie.*]

[*Toe hy dan hulle voete gewas het, en sy bo-klere geneem het, gaan hy weer aan tafel, en sê vir hulle, Verstaan julle wat Ek aan julle gedoen het?*]

[*Julle noem my Meester en Here: en julle is reg; want Ek is dit.*]

[*As Ek dan, die Here en die Meester, julle voete gewas het; is julle ook verplig om mekaar se voete te was.*]

[*Want Ek het vir julle 'n voorbeeld gegee om, net soos Ek aan julle gedoen het, ook so te doen.*]

[*Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, Die dienskneg is nie groter as sy heer nie; en 'n gesant is ook nie groter as die een wat hom gestuur het nie.*]

[*As julle hierdie dinge weet, salig is julle as julle dit doen.*]

[Mag die Here die lees van Sy Woord seën.]

[Soveel as wat sal deelneem, die mans sal voetewas in hierdie vertrek, hier oorkant; en die dames sal voetewas in die vertrek aan die linkerkant, hier oorkant, in die klein doopkamertjie. Baie

bly om soveel te sien wat graag wil, en kan, het kom deelneem saam met ons aan hierdie voetewas.]

[Sal ons saam staan? Vir hulle wat moet gaan.]

[Weer sê ons ons is baie dankbaar en in waardering voor God vir hierdie goeeie dag, wat so 'n aansporing vir ons hart was, om die groot en magtige Teenwoordigheid van ons God in ons midde te sien inkom hier om ons aan te moedig en ons te seën.]

[Terwyl ons ons hoofde saam buig, sal ons vir Broer Earl Martin vra of hy diegene sal verdaag wat moet gaan.]

Desperaathede AFR63-0901E
(Desperations)

Hierdie Boodskap deur Broer William Marrion Branham, oorspronklik gelewer in Engels op Sondagaand, 1 September 1963, by die Branham Tabernakel in Jeffersonville, Indiana, V.S.A., is geneem vanaf 'n magnetiese bandopname en onverkort gedruk in Engels. Hierdie Afrikaanse vertaling is gedruk en versprei deur Voice Of God Recordings.

AFRIKAANS

©2022 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

Voice Of God Recordings, South Africa Office
58 Disa Road, Admiral's Park, Gordon's Bay 7140 Western Cape
Republic Of South Africa

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org